ONDERWYSERSGIDS
GRAAD 10

Afrikaans Huistaal en
Afrikaans Eerste Addisionele Taal

deur
Michael Strauss

vir

Stroomversnelling

Saamgestel deur

Linda Rode and Jakes Gerwel

KWELA BOEKE

Kwela Boeke,
'n afdeling van NB-Uitgewers (Edms) Beperk, Heerengracht 40, Kaapstad
Posbus 6525, Roggebaai 8001

Kopiereg © M. Strauss

Alle regte voorbehou
Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of -ontsluiting

Omslagontwerp: Etienne van Duyker
Geset in 11 op 14 pt Times New RomanPS
Gedruk en gebind deur Paarl Print,
Oosterlandstraat, Paarl, Suid-Afrika

Eerste uitgawe, eerste druk 2006

ISBN-10: 0-7957-0210-8
ISBN-13: 978-0-7957-0210-5

Inhoud

Inleiding 1
Die Nasionale Kurrikulumverklaring en die stories 1
Assessering 8
Voorgestelde prosedure vir die bestudering van die boek 14
Die lees van die stories 15
Kortvrae 18
Die intrige 20
Langer vrae 20
Karakters, temas, kwessies en interessante taal 22
Algemene vrae 24
Kreatiewe skryfwerk 24
Oorsig van voorgestelde prosedure 24
Vrae en antwoorde oor individuele stories 26
“Sy praat nie” deur Marita van der Vyver 26
“Suur melk, koue as” deur Arja Salafranca 32
“Op ’n vals spoor” deur Gavin Kruger 40
“Hulle kom!” deur Rrekgetsi Chimeloane 44
“Gesig van ’n moordenaar” deur Dianne Hofmeyr 46
“Baby” deur E.K.M. Dido 49
“Net die nommer het verander” deur Fatima Dike 53
“’n Sondagkuier” deur Daniel Bugan 55
“Meneer Sellulêr” deur Moses Sovumani Mahlangu 59
“Hond-ster” deur Jenny Hobbs 62
“Klein barbare” deur James Matthews 64
“Pa se begrafnis” deur Luke Alfred 67
“Die sleutel” deur Elsa Joubert 71
“Reus” deur K. Sello Duiker 74
“Ben Prins se voete” deur Jeanne Goosen 76
“Dis mý beursie!” deur Thomas Rapakgadi 79

"Die Bose Listige Wolf" deur Buntu Siwisa 81
"Hulle het nie eens sy naam genoem nie"
deur Beverley Jansen 85
"Krewe gaan nie dood nie" deur Tom Dreyer 88
"Tupperware" deur François Bloemhof 89
"Skewe deksels" deur Rita Swanepoel 92
"Die meisie met die blues in haar oë" deur Melvin Whitebooi 94
"Uit die puin" deur Allan Kolski Horwitz 96
"Kompres" deur George Weideman 98
"Briewe van ver af" deur Stirro Moffat Banda 102
"Op 'n sonskyndag in Lavender Hill" deur Marcel Williams 105
"Die werksmanne van Slovoville" deur Johnny Masilela 107
"Die torings" deur Felicity Wood 109
"Ruby raak vry" deur Bridget Pitt 112
"Om huis toe te gaan" deur Diana Ferrus 116
Enkele algemene vrae 118
Vrae oor die boek 119
Vrae oor kwessies in die stories 121
Woordelys 123

Inleiding

Om ’n boek met kort stories te lees, klink dalk asof dit net oor lees gaan, maar ’n studie van hierdie kort stories kan help om al vier die leeruitkomste vir Huistaal (HT) en Eerste Addisionele Taal (EAT) soos uiteengesit in die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV), te bereik.

DIE NASIONALE KURRIKULUMVERKLARING EN DIE STORIES

Hierdie gids is ontwerp vir gebruik in graad 10 Generiese Huistaal (HT) en Eerste Addisionele Taal (EAT), met hulle gelyke mate van klem op praat, luister, lees en skryf. U as onderwyser kan vrae en aktiwiteite in elke afdeling kies na gelang van wat u die leerders wil laat oefen en dit wat u wil assesseer.

Dit is belangrik om die leeruitkomste (LU’s) en assesseringstandaarde (AS’e) wat by ’n studie van die kortverhale in hierdie bundel ter sake is, in gedagte te hou. Slegs die leeruitkomste van die Nasionale Kurrikulumverklaring wat ter sake is, word hieronder aangedui. Die meeste van die leeruitkomste is dieselfde vir HT en EAT, tensy anders aangedui tussen hakies.

LU1 Luister en Praat: Die leerder is in staat om te luister en te praat vir verskillende doeleindes en teikengroepe en in ’n verskeidenheid kontekste. Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

AS: toon kennis van verskillende vorme van mondelinge kommunikasie vir sosiale doeleindes deur:

a. oor idees te leer en dit met mekaar te deel, en ’n standpunt te verdedig
b. ’n onvoorbereide respons te lewer

c. hardop te lees en ’n storie te vertel
d. gesprekke te inisieer en vol te hou deur gepaste beurtnemingskonvensies te ontwikkel
e. instruksies (in HT, akkuraat) te gee en te volg
f. groepbesprekings oor maatskaplike, kulturele, omgewings- en menseregtekwessies te hou (in HT, deel te neem aan) deur eie idees en menings uit te spreek, na ander s’n te luister en dit te respekteer (in HT, deur onderhandelingsvaardighede te gebruik om konsensus te bereik)
g. deel te neem aan besprekings en debatte deur korrekte prosedures te gebruik

AS: beplan en doen navorsing vir mondelinge opdragte deur:

h. navorsing te doen oor ’n onderwerp
i. inligting te organiseer (in HT, samehangend) deur hoofgedagtes en (in HT, toepaslike) ondersteunende besonderhede of voorbeelde te kies
j. ’n (in HT, gepaste) inleiding en slot voor te berei
k. gepaste visuele, oudio- en oudiovisuele hulpmiddels soos kaarte, plakkate en musiek in te sluit

AS: toon vaardighede in die luister na en lewer van mondelinge aanbiedings deur:

l. bekende retoriese middels soos pouses en herhalings, stemprojeksie, oogkontak en gebare te (in HT, identifiseer en) gebruik
m. woorde meestal (in HT, deurgaans) uit te spreek sonder om betekenis te verwring
n. begrip te toon van mondelinge tekste deur hoofidees aan te teken deur notas, kontrolelyste, opsommings en parafrases, en deur oorvertelling (in HT, ook verduideliking)
o. krities te luister na en ter verduideliking op vrae te reageer

AS: toon kritiese bewustheid van taalgebruik in mondelinge situasies, deur:

p. style en registers volgens teikengroep te gebruik (in HT, en te evalueer)

q. taalvariëteite te herken en te verduidelik (in HT, ook te gebruik en te evalueer)
r. tussen feite en menings te onderskei (in HT, argumente en aannames te herken)
s. te herken hoe doelbewuste insluit of uitlaat van inligting betekenis kan verwring
t. die effek van taalvorme soos tegniese taal en vaktaal te herken (in HT, ook te verduidelik)
u. die verhouding tussen taal en kultuur, en taal en mag te herken
v. die opvallende gebruik van gevoels- en manipulerende taal, partydigheid, vooroordeel en stereotipering te herken en te bevraagteken.

Hierdie LU en AS'e verskyn op bl. 16, 18, 20, 22 en 24 van die NKV-dokumente vir HT en EAT.

LU2 Lees en Kyk: Die leerder is in staat om te lees en te kyk vir begrip, om krities te evalueer en om op 'n wye verskeidenheid tekste response te lewer. Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

AS: toon verskeie lees- en kykstrategieë vir begrip en waardering deur:

a. vir begrip te lees
b. krities te evalueer
c. op 'n wye verskeidenheid tekste te reageer
d. vrae te vra ten einde voor die hand liggende voorspellings te kan maak
e. tekste te vluglees om hoofgedagtes te identifiseer deur titels, inleidings, eerste paragrawe en temasinne van paragrawe te lees
f. tekste te soeklees vir ondersteunende besonderhede
g. hoof- en ondersteunende gedagtes puntsgewys en in sinne (in HT, ook in paragraafvorm) op te som

h. die betekenis van onbekende woorde in geselekteerde kontekste af te lei
i. tekste te herlees/weer daarna te kyk en te hersien om begrip te bevorder

AS: verduidelik die betekenis van ’n wye verskeidenheid geskrewe, visuele, oudio- en oudiovisuele tekste deur:

j. te herken (in HT, ook te verduidelik) hoe seleksie en weglaat van inligting betekenis beïnvloed
k. te onderskei tussen feite en menings en sommige geïmpliseerde (verskuilde) betekenisse te herken
l. die skrywer of karakters in die storie se standpunt te herken (in HT, en te verduidelik) en bewyse uit die teks te gee
m. die sosio-politieke en kulturele agtergrond van tekste (in EAT, met hulp) te herken (in HT, en te verduidelik)
n. die impak van ’n verskeidenheid figuurlike en retoriese taal- en literêre stylmiddels soos metafoor, vergelyking, simbool, hiperbool, kontras, sarkasme en ironie (in HT, ook woordspeling, onderbeklemtoning, geestigheid, karikatuur/spot, paradoks en antitese) te herken (in HT, te ontleed)
o. persoonlike response op tekste te gee en te motiveer

AS: herken (in HT, verduidelik) hoe taal en beelde waardes en houdings kan weerspieël en vorm in tekste deur:

p. sosiokulturele en politieke waardes, partydigheid, vooroordeel en diskriminasie te herken (in HT, en te identifiseer en te verduidelik)

AS: verken en verduidelik die hoofkenmerke van tekste en hoe dit bydra tot die skep van betekenis deur:

q. die ontwikkeling van intrige, subintrige, konflik, karakter en die rol van die verteller te beskryf (in HT, en te verduidelik)
r. boodskappe en temas te verduidelik (in HT, en te identifiseer)
s. te beskryf (in HT, en te verduidelik) hoe agtergrond en milieu (ruimte) verband hou met karakter en tema

t. stemming, tydsverloop en afloop te beskryf (in HT, en te identifiseer)
u. te herken (in HT, en te verduidelik) hoe dialoog en handeling met karakter en tema verband hou.

Hierdie LU en AS'e verskyn op bl. 26, 28, 30, 32 en 34 van die NKV-dokumente vir HT en EAT.

LU3 Skryf en Aanbied: Die leerder is in staat om vir 'n wye verskeidenheid doeleindes en teikengroepe te skryf en aan te bied deur konvensies en formate gepas vir verskillende kontekste te gebruik. Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

AS: beplan die skryfproses volgens 'n spesifieke doel, teikengroep en konteks deur:

a. die spesifieke doel soos vertel, vermaak, oorreed, argumenteer, verduidelik, inlig, beskryf en manipuleer te identifiseer
b. op die gepaste styl en formaat te besluit en dit toe te pas
c. navorsing te doen oor onderwerpe in bekende bronne (in HT, in 'n verskeidenheid bronne) deur inligting te selekteer en te organiseer
d. samehangende idees te ontwikkel en te organiseer deur tegnieke soos kopkaarte, diagramme, kernwoordlyste en vloeidiagramme te gebruik

AS: toon die gebruik van skryfstrategieë en -tegnieke vir eerste weergawes deur:

e. hoof- en ondersteunende idees van die beplanningsproses te gebruik
f. 'n verskeidenheid sinsoorte, sinslengtes en -strukture te gebruik
g. paragraafkonvensies soos kernsinne, inleiding en afsluiting te gebruik om samehang (koherensie) te verseker
h. logiese verbindingswoorde soos voegwoorde, voornaamwoorde, bywoorde en voorsetsels te gebruik om kohesie te verseker

AS: dink na oor, ontleed en evalueer, met inagneming van ander se sienings, eie werk en bied die finale produk aan deur:

i. vasgestelde kriteria te gebruik vir evaluering van eie en ander se skryfwerk
j. samehang (koherensie) en kohesie te verbeter
k. na te dink oor die gepastheid van styl en register
l. woordkeuse en sin- en paragraafstrukture te verfyn en (in EAT, voor die hand liggende) flaters en aanstootlike taal (in HT, asook onvanpaste groeptaal, woordoortolligheid en omslagtigheid) uit te skakel
m. sensitiwiteit te toon vir aangeleenthede soos geslag, ras en status
n. tekste voor te berei vir finale weergawe deur te proeflees en te redigeer.

Hierdie LU en AS'e verskyn op bl. 36, 38 en 40 van die NKV-dokumente vir HT en EAT.

LU4 Taal: Die leerder is in staat om taalstrukture en -konvensies gepas en doeltreffend te gebruik. Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

AS: identifiseer en verduidelik die betekenis van woorde en gebruik dit korrek in 'n verskeidenheid tekste deur:

a. kennis te demonstreer van:
   i. spelpatrone van -reëls van nuwe woorde
   ii. afkortings en akronieme
   iii. basisvorme/stamme en voor- en agtervoegsels om die betekenis van (in HT, 'n verskeidenheid) woorde te bepaal
   iv. geslags-, meervouds- en verkleiningsvorme
   v. trappe van vergelyking van adjektiewe (byvoeglike naamwoorde) en bywoorde
   vi. homofone en homonieme
b. te herken hoe tale woorde van mekaar leen

AS: gebruik goed gestruktureerde sinne betekenisvol en funksioneel deur:

c. die volgende te identifiseer en korrek te gebruik:
   i. woordsoorte
   ii. werkwoordtye en -vorme wat tyd en stemming uitdruk
   iii. voorwaardelike vorme (nie in HT)
   iv. modale werkwoorde (nie in HT)
   v. enkelvoudige, saamgestelde en veelvoudige sinne
   vi. aktief/bedrywende vorm en passief/lydende vorm
   vii. direkte en indirekte rede
   viii. punktuasie
   ix. figuurlike taalgebruik soos idiome en spreekwoorde
d. vertaal kort sinne uit Engels in hul huistaal en omgekeerd (nie in HT nie)

AS: ontwikkel kritiese taalbewustheid deur:

e. identifiseer denotasie en konnotasie
f. verken implisiete en eksplisiete boodskappe, waardes en houdings
g. identifiseer en bevraagteken (in EAT, voor die hand liggende) partydigheid, stereotipering en manipulerende taal (in HT, en gee alternatiewe uitdrukkingswyses).

Hierdie LU en AS'e verskyn op bl. 42, 44, 46, 48 en 50 van die NKV-dokumente vir HT en EAT.

Die bestudering van die kortverhale in *Stroomversnelling* kan leerders help om al hierdie uitkomste en assesseringstandaarde te bereik.

Lees behoort 'n plesier te wees, en leerders moet die stories in *Stroomversnelling* lees en geniet. Ons moet onthou dat die inhoud in uitkomsgebaseerde onderwys (UGO) die leeruitkomste moet dien, en nie 'n doel op sigself moet wees nie. Dit is dus belangrik dat leerders die inhoud van die stories sal begryp, en hulle baat gewoonlik daarby as daar aan hulle vrae oor die inhoud gevra word. Elke afdeling in

hierdie gids bevat dus kort vrae om hul begrip te toets. U sou nog meer vrae kon byvoeg indien nodig, in die besonder vir swakker klasse. Dit is ook ’n goeie idee om leerders soms hulle eie vrae te laat opstel en aan mekaar te laat stel. Kennis van die inhoud is egter nie die finale doel nie. Dit behoort eerder daartoe te lei dat die leerders die stories meer geniet en dit beter verstaan – dit sal ook meer intelligente en betekenisvolle besprekings en skryfwerk oor die stories tot gevolg hê.

ASSESSERING

In UGO behels assessering meer as net ’n finale eksamen ter wille van bevordering na die volgende graad. Assessering vind deurlopend plaas en word dikwels en gereeld gebruik om onderwysers te help om die leerders se begrip en vordering te moniteer. Assessering behoort ook deur die leerders self gedoen te word om hulle eie vermoë en vordering te takseer, en hulle behoort ook mekaar te assesseer. Die groot verskeidenheid aktiwiteite betrokke by ’n studie van *Stroomversnelling* sal ’n rykdom aan materiaal oplewer wat u in die leerders se portefeuljes kan insluit.

Dit is u taak om te sorg dat die leerders begryp presies wat getoets sal word, asook hoe en met watter doel. Dit sal vanselfsprekend nie vir u moontlik wees om almal tegelykertyd te assesseer nie, maar u kan byvoorbeeld elke dag op ander individue of groepe konsentreer.

Informele assessering

Assessering wat in die leerder se portefeulje opgeteken word, sluit in mondelinge, skriftelike en prestasie-assesserings. Dit kan insluit:

- **Selfassessering:** Daar word aan leerders gesê wat van hulle verwag word, en hulle word gevra om hulle eie sukses te beoordeel. Tydens ’n studie van *Stroomversnelling* kan leerders byvoorbeeld gevra word om die hoofgebeure van ’n episode of storie op te som, of om ’n karakter puntsgewys te beskryf, of om die hooftemas te identifiseer. Reg aan die begin kan die onderwyser aan

hulle sê dat dit nie maklik is nie, maar dat hulle hulle vaardighede op hierdie gebied sal verbeter elke keer dat hulle hierdie soort taak doen. Hierdie selfmonitering is ’n belangrike deel van leer, en kan deur die onderwyser in ag geneem word tydens die finale assessering.

- **Portuurassessering:** Deur van ’n kontrolelys of rubriek (sien hierna) gebruik te maak, assesseer leerders mekaar. Dit sal in die besonder geskik wees wanneer leerders aan die klas verslag doen oor die bevindinge van hulle besprekingsgroep, of oor die resultate van enige aspek(te) van die navorsing wat hulle gevra is om oor ’n deel van ’n storie se agtergrond te doen. Voordat ’n vraag gevra word, soos “Dink julle die karakter het ’n goeie rede gehad om te doen wat hy/sy gedoen het?”, kan die onderwyser dus aan die leerders sê dat een in elke groep gekies sal word om oor hulle gevolgtrekkings verslag te doen. Die res van die klas sal ’n assesseringsvorm kry met ’n kontrolelys van punte waarvoor geluister moet word. Hierdie aktiwiteit vir portuurassessering help die leerders om ander se prestasie te evalueer, asook om hulle eie te evalueer en te verbeter.
- **Groepassessering:** Aangesien dit belangrik is om suksesvol in groepe te kan werk, is een van die kritiese uitkomste dat leerders moet weet dat die onderwyser hierdie vermoë waarneem en beoordeel terwyl hulle vrae bespreek wat oor die boek gestel is en gesamentlik skriftelike antwoorde formuleer. Die proses word net soveel as die produk geëvalueer. Met ander woorde, nie slegs die finale resultaat of uitkoms is belangrik nie, maar ook die sosiale vaardighede wat nodig is om daardie uitkoms te bereik – dus die vermoë om saam te werk, mekaar by te staan en individuele bydraes te kombineer.

  Soos met die ander tipes assessering, word daar vooraf aan leerders gesê waarvoor die onderwyser op die uitkyk sal wees. Die onderwyser stel nie net belang in hulle finale antwoord oor of die karakter ’n goeie rede gehad het vir wat hy/sy besig was om te

doen nie, maar ook in hoe elke groep tot die besluit gekom het. Het hulle almal gepraat? Het hulle saamgewerk en inligting gedeel? Het hulle diegene in die groep gehelp wat met die inhoud of konsepte sukkel?

Formele assessering

Ten eerste word van **waarneminggebaseerde assessering** gebruik gemaak. Dit sluit in selfassessering, portuurassessering en groepassessering wat hierbo bespreek is. Ten tweede word **toetsgebaseerde assessering** gebruik, wat formeler is en spesifieke tellings vir elke leerder oplewer. Ook hier moet u baie noukeurig te werk gaan en vooraf aan leerders sê wat getoets sal word, asook wanneer en hoe.

Die volgende instrumente kan gebruik word om rekord te hou van hierdie soort assessering:

- **Graderingskale**, waar 'n simbool (A, B, C, en so meer) of 'n punt (6/10 of 60%) gebruik word, wat verband hou met 'n beskrywing van die vaardighede of bevoegdhede wat vereis word. Die volgende sewepuntskaal word in die NKV gebruik:

Metingskode	Prestasieskaal	Punte (%)
7	Uitmuntende prestasie	80–100
6	Verdienstelike prestasie	70–79
5	Beduidende prestasie	60–69
4	Matige prestasie	50–59
3	Voldoende prestasie	40–49
2	Basiese prestasie	30–39
1	Ontoereikende prestasie	0–29

Dit kan aangepas word volgens die vaardigheid wat getoets word, en in selfassessering, portuurassessering, groepassessering of finale assessering deur die onderwyser gebruik word. Hier is 'n voorbeeld wat die leerders se vermoë om vrae te beantwoord, assesseer. (LU1 ASb: lewer 'n onvoorbereide respons.)

Metings-kode	Vermoë om klas se vrae te beantwoord	Punte (%)
7	Uitmuntend: het al die vrae besonder duidelik beantwoord; al die vraagstellers 100% tevrede	80–100
6	Verdienstelik: het al die vrae duidelik beantwoord; die meeste van die vraagstellers was tevrede	70–79
5	Beduidend: het die meeste vrae duidelik beantwoord; van die vraagstellers was tevrede	60–69
4	Matig: omtrent die helfte van die vrae duidelik beantwoord; die helfte van die vraagstellers was tevrede	50–59
3	Voldoende: sommige antwoorde was duidelik; en sommige vraagstellers was tevrede	40–49
2	Basies: slegs 'n paar antwoorde was duidelik; net 'n paar vraagstellers was tevrede.	30–39
1	Ontoereikend: die meeste antwoorde was onduidelik of onbevredigend; die meeste vraagstellers was nie tevrede nie.	0–29

- **Taaklyste of kontrolelyste**, met 'n lys stellings wat die verwagte prestasie in 'n besondere taak beskryf. Dit is in die besonder bruikbaar in portuur- en groepassesserings. Wanneer aan die kriterium voldoen is, kan die onderwyser of die leerder die stelling afmerk. 'n Voorbeeld word hieronder aangegee:

Ek het:	Ja/Nee
My stem goed geprojekteer.	
Oogkontak gemaak.	
Pouses en herhalings doeltreffend gebruik.	
My idees duidelik uiteengesit.	
Doeltreffende visuele hulpmiddels gebruik.	
Begrip getoon van die storie.	
Begrip getoon van die karakters.	
Begrip getoon van die idees in die storie.	
Grammatikaal korrekte taal gebruik.	

- **Rubrieke**, met ander woorde ’n kombinasie van graderingskodes en ’n beskrywing van standaarde. Dit sou breedweg kon wees in die beskrywing van standaarde, of meer gedetailleerd, deur van die Nasionale Kurrikulumverklaring se skale gebruik te maak. Hier is ’n voorbeeld van elk:

Kodes en kriteria	Uitmun-tend	Verdiens-telik	Bedui-dend	Matig	Vol-doende	Basies	Ontoe-reikend
Stemprojeksie							
Oogkontak							
Pouses en herhalings							
Uiteensetting van idees							
Begrip van storie							

Begrip van karakters							
Begrip van die idees in die storie							
Taalgebruik							

Die proses van assessering

Dit is goed om ’n mate van beplande progressie te hê in die manier waarop u assesseer en u assessering van leerders se bevoegdhede opteken. Die vlak waarop u dit doen, en presies hoe ver u met die ontwikkeling en uitbreiding van vaardighede kan gaan, sal afhang van die vlak en samestelling van u klas, en natuurlik of HT of EAT onderrig word. Tydens die assessering van leerders se vaardighede in mondelinge aanbiedings, sou u byvoorbeeld net een of twee aspekte op ’n keer kon assesseer (onthou om altyd aan die leerders te sê waarvoor u luister). Met verwysing na die tabel hierbo, sou u byvoorbeeld stemprojeksie en oogkontak by een geleentheid kon assesseer, die gebruik van pouses en herhalings by ’n volgende, en helderheid van uiteensetting by ’n ander.

Tydens die assessering van leerders se vermoë om die lees van een storie in die boek baas te raak, sou u eerstens hulle vermoë assesseer om die gebeure te volg en te begryp, dan karakter, dan tema, dan kwessies; of u sou eerstens hulle vermoë kon assesseer om die gebeure oor te vertel, dan beskrywing van die karakters, dan beskrywing van en kommentaar oor die temas, en so meer. Assessering van hierdie verskillende stadia sou oor dae, of weke, of selfs langer kon plaasvind. Party groepe sal dalk nooit verder as intrige en karakter kom nie, ander sal maklik daardeur, en deur temas en vraagstukke kom, asook verwante kreatiewe skryfwerk met vreugde aanpak.

Leerders met struikelblokke ten opsigte van leer kan dalk aandag vereis. Indien dit fisieke struikelblokke is, soos probleme met sien,

hoor en praat, moet die onderwyser die voor die hand liggende dinge doen, soos om die leerder in ’n geskikte posisie in die klas te laat sit, en kundige hulp verkry. Leerders met beperkte konseptuele vermoë kan deur die onderwyser en die leerders se klasmaats gehelp word. Werk in pare of klein groepies kan so gereël word dat die swakker leerder ’n portuurmentor het. Vir skriftelike take kan onderwysers voorstelle maak, of ondersteuning verleen deur ’n deel van die antwoord in hoofpunte of die beginpunt van elke paragraaf te verskaf. Onderwysers kan swakker leerders oor kleiner dele van die werk of oor eenvoudiger tipe vrae en aktiwiteite assesseer. Ten laaste moet onderwysers altyd op die uitkyk wees vir gebiede waar swakker leerders uitblink, want hulle het baie dikwels wel ander vaardighede wat herken en beloon behoort te word.

Voorgestelde prosedure vir die bestudering van die boek

U kan saam met u leerders besluit hoe u te werk wil gaan:

1. Die klas kan die stories een vir een van voor tot agter lees en bestudeer.
2. Geselekteerde verhale kan in die klas bestudeer word en die leerders kan die res van die stories tuis lees.
3. Die stories, of sommige van die stories, kan ook tematies of volgens bepaalde kriteria gegroepeer word. ’n Aantal stories handel byvoorbeeld oor ouers en kinderopvoeding, terwyl ander oor onderskeidelik geweld en trauma, seksuele ervarings, gesindhede in die samelewing of volwassewording handel. U sou selfs kon besluit oor die een of ander kriterium, byvoorbeeld ’n gelukkige of hartseer einde. (Die afdeling “Enkele algemene vrae” op bl. 118 van hierdie gids bevat verdere voorstelle in verband met die tematiese bestudering van die stories.)

Ongeag wat u besluit, kan die volgende prosedure gevolg word vir die bestudering van al die stories.

DIE LEES VAN DIE STORIES

Die leerders moet eerstens elke storie lees, ideaal gesproke by die huis, aangesien lees 'n baie genotvolle, private aktiwiteit kan wees. Indien u egter vermoed dat sommige leerders nie die storie sal lees nie, of dit nie individueel sal geniet nie, moet tyd ingeruim word om die hele verhaal in die klas te lees. U moet die leerders die bes moontlike kans gee om op 'n sinvolle wyse aan die teks blootgestel te word, sodat hulle oor hulle eie ervaring daarvan kan praat en skryf (LU2 ASo: gee en motiveer persoonlike response op tekste).

Voordat hulle die verhaal tuis lees, kan u vasstel wat die leerders omtrent die storie weet, verwag of voorspel (LU2 ASd: vra vrae ten einde voorspellings te kan maak). Vra hulle om na die titel te kyk (en moontlik ook die naam en foto van die skrywer agterin die boek) en die volgende vrae te beantwoord:

- Wat dink julle beteken die titel?
- Waaroor dink julle handel die storie?
- Wat dink julle sal die boodskap of les van die storie wees?

Andersins sou u, indien die leerders die storie in die klas lees, aan die einde van die tweede paragraaf of eerste bladsy kon ophou lees en die leerders vra om eers hulle boeke toe te maak en die volgende vrae te beantwoord:

- Wie is die verteller, die persoon wat die storie vertel? Is dit 'n seun of 'n meisie?
- Hoe voel die karakters? (LU2 ASe: vluglees tekste vir hoofgedagtes; LU2 ASf: soeklees tekste vir ondersteunende besonderhede; LU2 ASl: herken (in HT, en verduidelik) die standpunt van die skrywer of karakters en gee ondersteunende bewyse uit die teks.

Die doel met die onderbreking en om vrae te vra voordat daar verder gelees word, is om belangstelling in die storie te stimuleer. Deur dus vrae te vra wat nog nie in hierdie stadium volledig beantwoord kan word nie, lok u bespiegeling, voorspelling en gissing uit. Leerders sal dan gretiger wees om die storie te lees ten einde vas te stel of hulle reg was.

Hierna word die storie sonder onderbreking tot aan die einde gelees. U kan dan voortgaan met die aktiwiteite in hierdie gids, wat as volg gestruktureer is:

- **Toets kennis van inhoud en begrip** (LU2 ASa: lees vir begrip; ASf: soeklees tekste vir ondersteunende besonderhede).
- **Bestudeer** die volgende:
  - *Intrige* (LU2 ASe: vluglees tekste vir hoofgedagtes; ASq: beskryf (in HT, en verduidelik) kenmerke soos intrige, subintrige, konflik).
  - *Langer vrae.*
  - *Karakter* (LU2 ASs, u: beskryf en herken (in HT, en verduidelik) hoe agtergrond, dialoog en handeling verband hou met karakter en tema).
  - *Temas* (LU2 ASr: verduidelik (in HT, en identifiseer) boodskappe en temas; ASs: beskryf (in HT, en verduidelik) hoe agtergrond en milieu (ruimte) verband hou met karakter en tema).
  - *Temas* (LU2 ASp: herken (in HT, en identifiseer en verduidelik) sosiokulturele en politieke waardes, partydigheid, vooroordeel en diskriminasie).
  - *Interessante taal* (LU4 ASa, b, c, e en f).
- Dink na oor algemene vrae.
- Doen onderwerpe aan die hand vir kreatiewe skryfwerk.

Assessering

U kan aantekeninge maak van die leerders se vermoë om persoonlike response te lewer.

As daar sterk lesers in die klas is, kan hulle die leeswerk met u deel (LU1 ASc: lees hardop). U kan ook aantekeninge maak van u assessering van individuele leerders se leesvermoë.

'n Rubriek soos hierdie kan daarvoor gebruik word:

Kriteria	7	6	5	4	3	2	1
Stemprojeksie							
Oogkontak							
Pouses weerspieël punktuasie							
Klem weerspieël betekenis							
Uitspraak							
Leesbegrip							

U assessering kan as volg na die prestasieskaal omgeskakel word:

Metingskode	Vermoë om hardop te lees	Punte (%)
7	*Uitmuntend* – uitstekende stemprojeksie, oogkontak, pouses, klem, uitspraak, leesbegrip	80–100
6	*Verdienstelik* – baie goed in elke opsig	70–79
5	*Beduidend* – goed in alle opsigte	60–69
4	*Matig* – goed in die meeste opsigte	50–59
3	*Voldoende* – aanvaarbaar in sekere opsigte	40–49
2	*Basies* – onaanvaarbaar in die meeste opsigte	30–39
1	*Ontoereikend* – onaanvaarbaar in alle opsigte	0–29

KORTVRAE

Bespreking

U kan die kortvrae gebruik om die leerders se kennis en begrip van die inhoud te toets (LU2 ASa: lees vir begrip; ASe: vluglees tekste vir hoofgedagtes; ASf: soeklees tekste vir ondersteunende besonderhede; ASh: lei die betekenis van onbekende woorde af). Die vrae kan aan die klas as geheel gestel word (LU1 ASb: lewer 'n onvoorbereide respons, of die keerders kan dit in pare of groepe bespreek, gevolg deur verslag-doening oor hul gevolgtrekkings (LU1 ASf: hou groepbesprekings [in HT, neem deel aan] deur deur eie idees en menings uit te spreek; AS3: lewer mondelinge aanbiedings). Vir assessering kan u van groep tot groep rondbeweeg en aantekeninge maak van hoe goed die leerders na mekaar luister, hul idees uitdruk en hul standpunte verdedig.

Assessering

U kan die volgende assesseringsrubriek gebruik:

Kriteria	7	6	5	4	3	2	1
Het standpunt ingeneem							
Idees duidelik verwoord							
Standpunte verdedig							
Na ander geluister							
Ander gerespekteer							
Betrek kulturele kwessies							
Betrek sosio-kulturele kwessies							
Gebruik grammatikaal korrekte taal							

Hierdie Onderwysersgids bevat vrae en antwoorde wat gebruik kan word om die leerders se begrip van elke storie te toets. Hoewel die meeste vrae bloot hul begrip toets, is daar ook vrae wat dieper delf. Aangesien begrip van die karakters so belangrik is, word daar soms gevra *waarom* die karakters dinge doen of sê (LU2 ASl: verduidelik die skrywer of karakter se standpunt en gee ondersteunende bewyse uit die teks).

Skriftelike werk

Die leerders behoort ook sommige van die vrae skriftelik te beantwoord. Dit geld veral swakker leerders, wat daarby sal baat om hul taalvaardighede met relatief eenvoudige antwoorde te oefen. Die neerskryf van die antwoorde help ook om die woordeskat en uitdrukkings wat gebruik word, vas te lê (LU3 ASf: gebruik 'n verskeidenheid sinsoorte, -lengtes en -strukture; LU3 ASh: gebruik logiese verbindingswoorde om kohesie te verseker).

Assessering

U kan die volgende kontrolelys gebruik vir assessering:

Die leerder:	Ja/Nee
Het goeie, eenvoudige sinne neergeskryf.	
Het saamgestelde sinne gebruik.	
Het veelvuldige sinne gebruik.	
Het die drie doeltreffend gekombineer.	
Het 'n doeltreffende kombinasie van kort en lang sinne gebruik.	
Het voegwoorde gebruik vir kohesie.	
Het voornaamwoorde gebruik vir kohesie.	
Het bywoorde gebruik vir kohesie.	
Het voorsetsels gebruik vir kohesie.	
Het grammatikaal korrekte taal gebruik.	

DIE INTRIGE

U sou die leerders ook kon vra om ’n opsomming van die intrige of hoofgebeure te gee, óf puntsgewys óf in die vorm van ’n vloeidiagram (LU2 ASg: som hoof- en ondersteunende gedagtes op; LU3 ASd: gebruik tegnieke soos kernwoordlyste en vloeidiagramme). Ons verskaf voorbeelde van opsommings van intriges by sommige van die stories in hierdie gids.

Assessering

U kan die leerders se werk nasien en voorstelle aan die hand doen, asook herhalende foute of aanmerklike verbeteringe neerskryf om in hul portefeuljes te plaas. Lig die leerders in dat u dit gaan doen, sodat hulle ook selfassessering kan doen.

LANGER VRAE

Die leerders behoort ook langer vrae te beantwoord. Hulle kan die vrae in pare of groepe bespreek en mondeling terugrapporteer, of langer vrae skriftelik beantwoord.

Verslagdoening

Mondelinge verslagdoening neem die vorm van kort aanbiedings aan (LU1 ASl: lewer (in HT, en identifiseer) doeltreffende mondelinge aanbiedings deur gebruik te maak van gepaste retoriese middels soos pouses en herhalings, stemprojeksie, oogkontak en gebare; ASn: toon begrip deur oorvertelling (in HT, en verduideliking); ASo: luister na en reageer op vrae; ASp: gebruik (in HT, en evalueer) gepaste style en registers volgens teikengroep; ASr: onderskei tussen feite en menings; ASv: herken en bevraagteken die gebruik van emotiewe en manipulerende taal, partydigheid, vooroordeel en stereotipering; LU2 ASg: som hoof- en ondersteunende gedagtes op; ASj: herken (in HT, en verduidelik) hoe seleksie en weglaat van inligting betekenis beïnvloed;

ASl: herken (in HT, en verduidelik) die skrywer of karakters se standpunt; ASp: herken (in HT, en identifiseer en verduidelik) sosiokulturele en politieke waardes, partydigheid, vooroordeel en diskriminasie; ASq: beskryf (in HT, en verduidelik) die ontwikkeling van intrige, subintrige, konflik en karakter; ASr: verduidelik (in HT, en identifiseer) boodskappe en temas; ASs: beskryf (in HT, en verduidelik) hoe agtergrond en milieu (ruimte) verband hou met karakter en tema; ASu: herken (in HT, en verduidelik) hoe dialoog en handeling met karakter en tema verband hou; LU3 ASd: ontwikkel samehangende idees en organiseer dit deur tegnieke soos kopkaarte, diagramme, kernwoordlyste en vloeidiagramme te gebruik; LU4 ASa(v): demonstreer kennis van trappe van vergelyking van byvoeglike naamwoorde en bywoorde; ASc: identifiseer die volgende en gebruik dit korrek: ASc(ii): werkwoorde en -vorme en ASc(iii): voorwaardelike vorme (nie in HT nie).

Assessering

U kan ’n assesseringsvel aan die leerders verskaf sodat hulle mekaar se werk kan assesseer. Die rubriek op bl. 22 van hierdie gids kan daarvoor gebruik of aangepas word. Stel die rubriek voor die tyd tot hul beskikking sodat hulle weet watter aspekte u gaan assesseer en volgens watter graderingskaal. U kan ook hierdie velle gebruik vir u eie assessering en om die leerders se begrip van aanbiedingsvaardighede te evalueer.

Skriftelike werk

Langer skriftelike antwoorde kan as tuiswerkopdrag gegee word of in die klas gedoen word. Laat die leerders hul werk inlewer sodat u dit kan nasien (LU3 ASa: demonstreer beplanningsvaardighede; LU3 ASc: doen navorsing oor onderwerpe en organiseer inligting; LU3 ASf: gebruik ’n verskeidenheid sinsoorte, sinslengtes en -strukture; LU3 ASg: gebruik paragraafkonvensies om samehang (koherensie) te verseker; LU3 ASh: gebruik logiese verbindingswoorde soos voeg-

woorde, voornaamwoorde, bywoorde en voorsetsels om kohesie te verseker; LU3 ASi: gebruik vasgestelde kriteria vir evaluering van eie en ander se skryfwerk; LU3 ASm: toon sensitiwiteit vir aangeleenthede soos geslag, ras en status; LU4 alle AS'e.)

Assessering

Soos in die geval van die mondelinge aanbiedings, kan u óf hierdie assessering self behartig óf die leerders mekaar se werk laat assesseer. Die volgende rubriek kan vir hierdie doel gebruik word:

Kriteria	7	6	5	4	3	2	1
Goed beplan							
Sinne doeltreffend gestruktureer							
Duidelike paragraafstruktuur gebruik							
Logiese verbindingswoorde gebruik							
Grammatikaal korrekte taal gebruik							
Korrekte werkwoordtye en -vorme gebruik							
Die storie se implikasies begryp							
Partydigheid, ens. herken							

KARAKTERS, TEMAS, KWESSIES EN INTERESSANTE TAAL

Nou kan u die leerders vra om op te som wat 'n spesifieke **karakter** doen, en wat hulle daaruit kan aflei omtrent die karakter se persoonlikheid en geaardheid (LU2 ASl: herken die karakters se standpunt; ASq: beskryf (in HT, en verduidelik) die ontwikkeling van intrige en karakter).

Vra hulle dan om na te dink oor die **temas** (LU2 ASr: verduidelik [in HT, en identifiseer] boodskappe en temas; ASs: beskryf (in HT, en

verduidelik] hoe agtergrond en milieu (ruimte) verband hou met karakter en tema), en enige interessante **kwessies** (LU2 ASp: herken [in HT, en identifiseer en verduidelik] sosiokulturele en politieke waardes, partydigheid, vooroordeel en diskriminasie).

U sou op hierdie tydstip na **interessante taalgebruik** kon kyk, maar wees sensitief daarvoor om nie u leerders se genot van ’n storie te bederf deur dit bloot vir grammatika-oefeninge te gebruik nie. Taalaspekte behoort op ’n natuurlike wyse deel te vorm van die bespreking van die storie. Die identifisering van ’n woordsoort of beskrywing van ’n sinsoort behoort nie ’n doel op sigself te wees nie, maar eerder ’n manier om te begryp hoe die skrywer die vereiste effek bereik. In plaas daarvan om die leerders te vra om ’n selfstandige naamwoord of ’n byvoeglike naamwoord in die teks te soek, kan u hulle byvoorbeeld vra om die selfstandige naamwoorde en byvoeglike naamwoorde wat ’n karakter se gevoelens op ’n besondere tydstip aandui, te soek, en terselfdertyd te let op waar in die sin hierdie woorde geplaas is. Sodoende sal u die leerders help om die effek van verskillende soorte woorde en sinsbou te begryp.

’n Ander interessante oefening sal wees om sinsoorte en -lengte te ondersoek. Sinne se lengte word gewoonlik doelbewus afgewissel: kort sinne druk sterk gedagtes uit, terwyl ’n reeks kort sinne dikwels ’n reeks handelinge uitbeeld. Langer sinne druk komplekse gedagtes en emosies, of ’n stil, sagte, ontspanne stemming uit. Die skrywer kan egter ook laasgenoemde gebruik om tot ’n kragtige hoogtepunt aan die einde van die storie op te bou.

Staak hierdie taalaktiwiteite sodra die leerders tekens van verveling begin vertoon, anders kan u hul genot aan die betrokke storie heeltemal bederf en veroorsaak dat hulle teen die volgende storie begin opsien.

ALGEMENE VRAE

Die idee van algemener vrae is om die verbande tussen die onderwerpe van die stories en breër gemeenskap en leefwêreld van die leerders te toon. Moedig die leerders aan om hul persoonlike respons te gee (LU2 ASo: gee en motiveer persoonlike response op tekste), aangesien dit hulle sal laat insien dat die kwessies in die boek ook relevant is vir hul eie lewe.

KREATIEWE SKRYFWERK

Van die leerders in die klas sal moontlik belangstel in 'n kreatiewe skryfaktiwiteit, wat u ook vir assessering kan gebruik. Laat 'n week of selfs langer toe vir hierdie taak en waarsku die leerders vooraf dat dit 'n belangrike deel van hul portefeulje gaan uitmaak (alle AS'e van LU3 en LU4).

OORSIG VAN VOORGESTELDE PROSEDURE

Hier volg 'n opsomming van die voorgestelde prosedure vir die bestudering van die stories. Onthou om die leerders te vra om altyd hul antwoorde met verwysings uit die teks te staaf.

- Lees die storie.
- Vra vrae wat kort mondelinge antwoorde vereis om kennis en begrip van die inhoud te toets. Die leerders kan ook van die vrae skriftelik beantwoord en inlewer vir onderwyserassessering. U kan hulle ook vra om 'n opsomming van die intrige of hoofgebeure te maak, óf puntsgewys óf in die vorm van 'n vloeidiagram.
- Vra vrae wat langer antwoorde vereis om die leerders oefening te gee om hul idees in die vorm van kort aanbiedings uit te druk. Hulle kan ook hul aanbiedings neerskryf. Assesseer sowel die mondelinge as die skriftelike aanbiedings.
- Vra die leerders om enige relevante karakters, temas en kwessies te bespreek.

- Indien toepaslik, kan u verdere vrae oor die taalgebruik in die storie stel.
- Vra die leerders om algemener vrae te beantwoord.
- Stel ’n langer vraag of vrae op wat kreatiewe skriftelike antwoorde vereis; dit kan ook vir assessering gebruik word.

In die hieropvolgende vrae en aktiwiteite word slegs na die LU-nommers en AS-letters verwys. Sien asseblief die volledige lys van LU’s en AS’e op bl. 1 tot 7 van hierdie gids. Onthou, in UGO behoort elke taak of vraag op ’n aspek van ’n spesifieke uitkoms afgestem te wees.

Waar aktiwiteite ontbreek, beteken dit dat die betrokke storie nie stof oor daardie onderwerp bied nie. Sommige stories behandel byvoorbeeld belangrike temas en kwessies, maar het geen belangrike karakters nie, terwyl ander stories weer belangrike karakters het, maar die taal minder interessant is. Ons verskaf nie assesseringskontrolelyste of -rubrieke vir elke aktiwiteit nie. U kan aanvanklik die voorbeelde wat ons wel in hierdie gids verskaf vir elke aktiwiteit aanpas, maar behoort gou in staat te wees om u eie saam te stel.

Vrae en antwoorde oor individuele stories

"Sy praat nie" deur Marita van der Vyver

Aktiwiteit 1: Voorgestelde prosedure

LU2 ASd, l, q

U kan ná die eerste drie paragrawe ophou lees en die leerders vra om voorspellings oor die volgende te maak:

1. Hoekom kan Noekie nie praat nie?
2. Wat dink julle was die *trauma*?
3. Hoekom noem die ma haar Anouk, en nie Noekie nie?

Aktiwiteit 2: Vrae om begrip te toets

LU1 ASa, b; LU2 ASa, e, f

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Noekie se ma *het altyd met een voet in die see gestaan, reg om te vertrek* (bl. 12). Hoekom? Wat het haar laat besluit om te gaan?
2. Hoekom het Noekie se ma haar Suid-Afrika toe gebring vir 'n vakansie?
3. Hoekom het Noekie se pa gesê dat ouma Anna 'n boek met algemene gesegdes ingesluk het?
4. Hoekom begin Noekie weer praat?

Antwoorde

1. Sy het 'n Britse paspoort gehad, en kon dus gaan as sy wou. Enige stukkie slegte nuus wou haar laat weghardloop. Die aanval, asook die dood van haar man het haar laat besluit om dit te doen.
2. Sy het gesê dit was om Noekie gelukkig te maak, maar Noekie het

geweet haar ma mis dinge in Suid-Afrika, al het sy gesê dit is nie so nie.
3. Sy haal spreekwoorde en idiome aan eerder as om oorspronklike idees uit te spreek.
4. Die vreugde om Rebecca te sien, en haar aandag te wil trek, oorkom die sielkundige struikelblok wat haar laat stilbly het.

Aktiwiteit 3: Intrige/hoofgebeure

LU2 ASe, g, q

Die leerders som die hoofgebeure in chronologiese volgorde op:

- Hulle gelukkige lewe is deur die aanval onderbreek. Noekie se pa is doodgemaak, en sy het opgehou praat.
- Sy en haar ma het na die VK geëmigreer.
- Nou, drie jaar later, kom kuier Noekie, haar ma en ouma Anna in Suid-Afrika.
- Rebecca werk weer by hulle ou huis, en Noekie begin weer praat.

Aktiwiteit 4: Vrae wat langer antwoorde vereis

LU1 ASf–j, l–v; LU2 ASi, l, m, n, p, q, s, u

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Watter dinge omtrent Suid-Afrika mis Noekie?
2. Hoekom het Noekie ophou praat, en hoekom dink julle het sy drie jaar lank stilgebly?
3. Het jy meegevoel met Noekie se ma?
4. Watter ooreenkomste is daar tussen Noekie se ma en ouma Anna?

Antwoorde

1. Sy mis drooggebakte grond, vaal veld, ’n lug sonder wolke, die smaak van stof (bl. 12), kaalvoet staan in die kombuis, kyk hoe

Rebecca stryk, luister na die sis van die stoomyster, ’n grondboontjiebotter-toebroodjie maak, sorgloos, voor die aanval, son wat *behoorlik* skyn, die hoë, helderblou lug (bl. 14), die groen dak van die bome oor die sypaadjie in die somer, spring van skadukol na skadukol op die pad na die kafee (bl. 15).

2. Die skok van die aanval, van kyk hoe haar pa sterf, van haarself te moet stilhou om haar en haar ma veilig te hou teen die aanvallers. Baie moontlike redes vir die lang stilte: die diep wete dat stilbly haar eie lewe gered het (bl. 12); praat kan dus iets op die spel plaas, iets verskrikliks; skaamte dat die stilte deel was van allesoorweldigende vrees, nie daartoe in staat om iets te doen, om haar pa te help nie – as sy praat, moet sy dalk daardie wete uitspreek; haar ma wat haar Anouk noem, praat vir haar (bl. 11), herken dus nie die ware Noekie nie – wat is dan die sin daarin om te praat as haar ma nie luister nie?; ander mense praat oor en verby haar (bl. 13) – wat is dan die sin daarin om te praat?; haar vroeëre ervaring, toe sy ongeveer sewe was (bl. 15), toe sy besef het sy kry beter antwoorde uit boeke as van mense.
3. Redes om met die ma te simpatiseer: sy het haar man verloor, haar huis (wat sy mis) verlaat; het ’n getraumatiseerde kind; soms saam met haar ly en huil (bl. 13). Redes om nie met haar te simpatiseer nie: sy bou mure om haar om haarself te beskerm (bl. 13); sy is minder doeltreffend en behulpsaam teenoor dié om haar; haar manier om Noekie te hanteer, help nie die meisie nie. Byvoorbeeld, deur te sê *“As die kind ’n geluid gemaak het”* (bl. 12), vryf sy dit in dat Noekie se stilte hulle gered het – die kind sal definitief nie nou durf praat nie! Sy was blykbaar nooit goed daarmee om die belang van Noekie se vrae te besef nie (bl. 15), en daarom het die meisie minder gekommunikeer.
4. Noekie let op (bl. 15) dat hulle eenders lyk en klink. Albei beskerm hulleself teen die harde werklikheid: die ma deur te fantaseer, aan haar dogter die eksoties klinkende naam Anouk te gee (bl. 13), deur haar te verbeel die aanval alleen het haar geïnspireer

om die land te verlaat, en dat sy niks omtrent Suid-Afrika mis nie (bl. 15), deur gebruik te maak van woorde soos *trauma*, etikette wat haar daarteen verskans om aan die ware afgryslikheid, die ware pyn te dink (bl. 11). Sy neem ouma Anna saam op die besoek aan die huis vir *"sielkundige ondersteuning"*, miskien om 'n gehoor te hê vir haar emosionele reaksie – die *haar vingers styf om die stuurwiel geklou* (bl. 14), *aan my ma se skouers sien dat sy begin huil* (bl. 16). Ouma Anna beskerm haarself deur idiome in elke situasie aan te haal in plaas daarvan om haar eie gevoelens en menings te gee wat van haar sou vereis om werklik te ervaar en te dink en te voel. Deur nie haar eie gevoelens uit te druk nie, hoef sy nie te voel nie.

Aktiwiteit 5: Karakters

Vraag 2 en 3 van Aktiwiteit 4 hierbo fokus op twee van die karakters en hul motiverings.

Aktiwiteit 6: Temas

LU2 ASr, s, u

Die leerders bespreek die volgende temas:

- Trauma en die oorsake daarvan
- Nostalgie en hoe om dit te hanteer
- Om die waarheid onder oë sien, of dit nie doen nie
- Die invloed van ouers op hul kinders

Aktiwiteit 7: Kwessies

LU2 ASo, p

Die leerders bespreek die volgende kwessies:

- Hoe help ’n mens iemand wat ’n traumatiese ervaring gehad het?
- Is dit altyd ’n goeie ding om *die verlede te verwerk* (bl. 13)?
- Wat dink jy behoort ’n mens se gesindheid te wees teenoor mense wat hul land verlaat?

Aktiwiteit 8: Taal

LU2 ASb, n; LU4 ASc(i), c(ii), f

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Anders as die chronologiese volgorde van die opsomming van die intrige hierbo, is die werklike storie alles in een tyd. Watter tyd? Hoekom?
2. Die ma se vriendin se kop *knak omtrent onder die gewig van haar maskara* (bl. 13). Is dit waar?
3. Kyk weer na die dinge waaroor Noekie nostalgies voel. Watter sintuie word betrek? Watter woordsoorte kom die meeste voor?

Antwoorde

1. Dit is die gewone teenwoordige tyd. Miskien om vorige herinneringe net so duidelik as huidige gebeure aan te bied, om te weerspieël hoe vorige gebeure na die hede gebring word deur wat ander mense doen of sê.
2. Nee, dit is nie letterlik bedoel nie. Die oordrywing/hiperbool is snaaks, maar die maskara is soos ’n uiterlike, fisieke simbool: die ma se vriende bedek hulle met grimering op dieselfde manier as wat hulle hulle waarneming bedek, om nie die werklikheid van misdaad en beheptheid met sekuriteit om hulle heen op te merk

nie, ook miskien om hulle eie gevoelens en vrese weg te steek. Dit grens aan karikatuur, alhoewel nie ver van die waarheid nie!

3. Sig: bruin grond, vaal veld, wolklose lug, hoë helderblou lug, groen dak van die bome. Reuk: grond drooggebak, die strykwerk. Smaak: smaak van stof, die toebroodjie met grondboontjiebotter. Tassintuig: staan kaalvoet in die kombuis, son wat behoorlik skyn, spring van skadukol tot skadukol. Gehoor: gesis van die stoomyster. Die woordsoorte wat die meeste voorkom, is selfstandige naamwoorde (grond, veld, hemel, stof, en so meer), byvoeglike naamwoorde (droog, wolklose, vaal, blou, en so meer) en werkwoorde (staan, kyk, maak, blink, en so meer). Dit is goed om aan te toon hoe gevoelens oorgedra word deur allerhande soorte woorde, nie net deur byvoeglike naamwoorde nie.

Aktiwiteit 9: Algemene vrae

LU2 ASo

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Weet julle van mense wat ’n traumatiese ervaring gehad het? Hoe goed het hulle dit hanteer en met hul lewe voortgegaan?
2. Weet julle van mense wat Suid-Afrika verlaat het? Hoekom is hulle weg? Weet julle van mense wat teruggekom het? Hoe voel julle oor hulle?

Aktiwiteit 10: Kreatiewe skryfwerk

LU3 alle AS’e

Die leerders verbeel hulle hulle is Noekie wat ’n brief aan Rebecca skryf. Hulle moet probeer sê hoe hulle daaroor voel om van haar af weg te gaan, kontak met haar te verloor, en haar dan uiteindelik weer by hul ou huis te sien.

Assessering

U kan die volgende kontrolelys gebruik:

In my brief het ek:	Ja/Nee
Dinge geskryf wat met die storie strook.	
'n Informele skryfstyl gebruik wat toepaslik is vir 'n tienermeisie.	
My gevoelens duidelik verwoord.	
Die korrekte briefstruktuur en paragrafering gebruik.	

"SUUR MELK, KOUE AS" DEUR ARJA SALAFRANCA

Aktiwiteit 1: Voorgestelde prosedure

LU1 ASb, g; LU2 ASa, d

Lees saam met die klas die eerste twee paragrawe op bladsy 19, en vra dan die leerders om die res van die bladsy te lees. Laat hulle die volgende vrae in pare of groepe bespreek en verslag doen oor hul antwoorde:

1. Hoe oud dink julle is Jude? Hoekom dink julle so?
2. Watse soort mens dink julle is sy? Hoekom?
3. Wat dink julle gaan in die storie gebeur?
4. Dink julle Dale gaan 'n belangrike rol in die gebeure in die storie speel?
5. Wat dink julle is die betekenis van die titel van die storie?

Laat die leerders die res van die storie vir tuiswerk lees en aan die klas rapporteer of hul voorspellings korrek was of nie, voordat hulle die volgende aktiwiteit aanpak.

Aktiwiteit 2: Vrae om begrip te toets

LU1 ASa, b; LU2 ASa, e, f

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Hoekom verlaat Jude en Dale die Wild Monkey?
2. Hoekom besluit Jude om dronk te word?
3. Toe Jack vir Jude vra om saam met hom huis toe te gaan (bl. 22), *skud sy haar kop,* maar verander dan van besluit. Hoekom?
4. Wat dink julle, noudat julle die storie gelees het, beteken die titel?

Antwoorde

1. Dit is vir hulle vervelend, *"allesbehalwe wild"* (bl. 19).
2. Sy wil hê hulle moet vergeet van die saaiheid van die plek waar hulle is (bl. 19).
3. Jack se woonstel is nie te ver weg nie, Dale sal Jude dus nie mis nie.
4. Dit druk die agterna-gevoel uit, die stemming wat oorgebly het ná die kortstondige seksuele omgang. Die melk in Jack se woonstel was suur, die aanbod van koffie was dus bloot 'n gebaar; die as in die asbakkies is koud, soos tydens die swaarmoedige opruiming van die gemors ná 'n partytjie; verder voel Jude koud wanneer sy van Jack se woonstel af terugkeer na Club Ashtray toe, koud ná die *bekende vervlietende warmte* (bl. 22), die kortstondige aangename gevoel voor die koue en *eensaamheid* (bl. 23).

Aktiwiteit 3: Intrige/hoofgebeure

LU2 ASe, g, q

Die leerders som die hoofgebeure op:

- By die Wild Monkey-klub bespreek hoe om mans te vang.
- Hulle is verveeld en gaan na Club Ashtray toe.

- Jude en Dale bespreek die gevare daarvan om vigs te kry, of om swanger te raak.
- Jude word deur Jack opgetel (in die figuurlike sin).
- Hulle gaan na sy woonstel toe vir seks.
- Hulle keer terug na die klub, en daarna gaan Jude en Dale huis toe.

Die leerders kan ook ’n vloeidiagram teken van elke gebeurtenis of die plek waar dinge gebeur. Hier is ’n voorbeeld:



Aktiwiteit 4: Vrae wat langer antwoorde vereis

LU1 ASf–j, l–v; LU2 ASi, l, m, n, p, q, s, u

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Is Jude ’n gelukkige mens, of ’n ongelukkige mens, of iewers tussenin? Gee redes vir jou antwoord.
2. Dink jy Jack is ’n goeie persoon, of ’n slegte persoon, of iewers tussenin? Gee redes vir jou antwoord.

Antwoorde

1. Waarskynlik iewers tussenin. Sy weet wat sy wil hê en voel kortstondig gelukkig wanneer sy dit kry, maar dit is ’n ontvlugting van haar eensaamheid, haar vrees om soos haar ouers te wees en ouer te word (bl. 23). Dit lyk nie of sy bewus is van ander bronne van geluk nie.
2. Ook waarskynlik iewers tussenin. Hy is sleg in die opsig dat hy misbruik maak van Jude se ongelukkige begeerte. Hy gebruik haar vir sy eie genot en maak ’n leë aanbod van koffie (bl. 22). Hy is egter goed in dié opsig dat hy haar die genot gee waarna sy soek. Dit lyk nie asof hy weet hoe om anders op te tree nie.

Aktiwiteit 5: Karakters

LU2 ASe, l, q, s

Herinner die leerders daaraan dat hulle bewyse uit die teks moet aanhaal om hul beskrywings van karakters te staaf. Soos in die meeste gevalle, kan hierdie vraag ook individueel, in pare of in groepe, mondeling of skriftelik, beantwoord word. In hierdie storie sou ’n eenvoudige karakterskets as voorbereiding vir die langer vrae en kreatiewe skryfwerk kon dien.

Jude is 18 jaar oud, trek aan en gebruik grimering om sexy te lyk,

mans aan te lok, geniet die mag oor mans, het opwinding en aksie nodig, raak dronk om die werklikheid te vergeet (bl. 19). Sy stel nie in mense belang wat sy nie vir haar eie genot kan gebruik nie; sy hou nie van Dale se vervelende vriende nie, maar is tevrede daarmee om hulle en hulle minibus te gebruik. Vergeet omgewing, vriende in haar behoefte aan ’n man en seks (bl. 21). Nie bekommerd oor swangerskap of vigs nie, dink ouers sal dit kan hanteer as dit sou gebeur. Voel woede jeens Dale wat nie van haar seksualiteit gebruik maak om mans te vang nie. Jok vir Jack dat sy hom onthou, hoop dat sy hom so sal vang (bl. 21). Wil die warmte en pret van seks hê, selfs al is dit gou verby. Seks is ’n betekenislose ervaring: selfs net ’n gemaklike bed verbeter dit. Sy sou wou hê mans moet vir haar lief wees of dink sy is spesiaal (bl. 22). Voel geen vreugde of verpligting nie: sy sal Jack slegs weer sien as hy haar bel (bl. 23).

Assessering

Die volgende kontrolelys kan vir assessering gebruik word:

In my karakterbeskrywing het ek:	Ja/Nee
Al die belangrike fasette van die karakter gedek.	
Die fasette logies gegroepeer.	
Getoon dat ek die karakter verstaan.	
Relevante bewyse uit die teks aangevoer.	

Aktiwiteit 6: Temas

LU1 ASf; LU2 ASp, r, s, u

Die leerders bespreek die volgende temas:

- Seksuele ervarings – goed, sleg, gemiddeld

- Eensaamheid – die oorsake daarvan en maniere om daaraan te ontsnap
- Tienerverhoudings

Assessering

U kan die volgende kontrolelys gebruik:

Tydens die bespreking het ek:	Ja/Nee
Getoon dat ek die sosiokulturele waardes in die teks verstaan.	
Getoon dat ek die temas verstaan.	
Die temas duidelik uiteengesit.	
Die verbande tussen die agtergrond en die temas aangetoon.	
My idees duidelik verwoord.	
Na ander se idees geluister.	
Respek getoon vir ander se idees.	

Aktiwiteit 7: Kwessies

LU1 ASf; LU2 ASo, p

Die leerders bespreek die volgende kwessies:

- Hoe belangrik is seksuele ervaring?
- Is seks bedoel om slegs binne ’n huwelik te gebeur?
- Moedig klubs en disko’s seksuele ervaringe aan?
- Watter ander ervaringe, afgesien van seks, is genotvol?

Assessering

U kan die volgende kontrolelys gebruik:

Tydens die bespreking het ek:	Ja/Nee
My persoonlike respons gegee.	
My persoonlike respons gemotiveer.	
Getoon dat ek die sosiokulturele waardes in die teks verstaan.	
Na ander se idees geluister.	
Respek getoon vir ander se idees.	

Aktiwiteit 8: Taal

LU2 ASn; LU4 ASc(x), f

Die leerders verduidelik die figuurlike taalgebruik in die volgende frases:

1. Jude gebruik haar voorkoms om mans te *vang*, hulle *dood te maak* (bl. 19).
2. Mans se oë staar *hongerig* na Jude (bl. 20).
3. Op bladsy 20 ry hulle deur *sluimerende voorstede.*

Antwoorde

1. Albei is metafore. Die eerste metafoor verbind Jude se uitsoek van mans met die gedagte van visvang, deur gebruik te maak van haar skoonheid (soos aas) om hulle aan te lok en te vang (asof hulle aan ’n hoek byt) sodat hulle hulleself nie daarvan kan weerhou om met haar seks te wil hê nie (soos visse nie daartoe in staat is om hulleself los te kry van die hoek nie). Die visserman kan met die vis aan die lyn speel, soos Jude met die mans speel as gevolg van hulle seksuele begeerte. In die tweede metafoor is haar mag oor mans so sterk dat dit hulle mag, hulle beheer, so volledig wegneem dat hulle so goed soos dood is.
2. Dit is ’n metafoor. Hulle gevoelens vir haar is soos ’n honger vir kos, ’n wesenlike menslike behoefte wat bevredig moet word.
3. Dit is ook ’n metafoor, ’n onvleiende etiket word oorgedra deur-dat *sluimerende* verwys na mense wat in die *voorstede* slaap, en

saai lewens lei asof hulle half aan die slaap is. Dit sou egter ook kon verwys na die voorstede self, 'n omgewing waar niks gebeur nie, wat dus half aan die slaap is.

Aktiwiteit 9: Algemene vrae

LU2 ASo

Hierdie vrae sou vir vinnige mondelinge antwoorde gestel kon word, of om in pare of groepe bespreek te word, of met die oog op kort skriftelike antwoorde. Indien die leerders daarin belang stel, kan u een van die vrae met die oog op 'n langer skriftelike antwoord vir tuiswerk gee.

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Ken julle iemand wat vasgevang is in die een of ander vorm van gedrag wat nie werklik blywende geluk bring nie? Het hy of sy iets met Jude in die storie gemeen?
2. Op bladsy 20 van die storie word die meisie wat in die toilet staan en pille sluk, so beskryf: *Haar oë is dood.* Het julle dit al in iemand se oë gesien? Wat was die rede?

Aktiwiteit 10: Kreatiewe skryfwerk

LU3 alle AS'e

Die leerders kies een van die volgende opsies:

1. Verbeel jou dat Jack vir sy vriend van sy ervaring met Jude vertel. Skryf sy woorde neer.
2. Verbeel jou jy is Jude wat die aand nadat jy terugkeer van Club Ashtray in jou dagboek skryf.

Assessering

U kan die volgende vraelys gebruik:

In my skryfwerk het ek:	Ja/Nee
Getoon dat ek die teks verstaan.	
Dinge geskryf wat met die teks strook.	
'n Natuurlike, toepaslike skryfstyl gebruik.	
Empatie getoon met die karakters.	

"Op 'n vals spoor" deur Gavin Kruger

Aktiwiteit 1: Voorgestelde prosedure

LU2 ASa, e

Lees die storie vlugtig deur ter wille van die eenvoudige gebeure, en gaan dan terug om te kyk na die idees wat uitgedruk word.

Aktiwiteit 2: Vrae om begrip te toets

LU1 ASa, b; LU2 ASa, e, f

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Wat beteken die titel?
2. Hoekom word die klimmer in hegtenis geneem?

Antwoorde

1. 'n Vals spoor is iets wat 'n mens se aandag van die sentrale, belangriker kwessie aflei. Die sentrale kwessie in hierdie storie is die man wat teen die gebou uitklim, en hoekom hy dit doen. Deur

die voorstelle wat hulle maak, opper die omstanders baie ander idees en kwessies, wat dieper en interessanter is as die eenvoudige saak wat die klimmer wil stel. Sy inhegtenisneming aan die einde deur die polisie bring ook ander kwessies ter sprake. Meer hieroor onder 7. Kwessies.

2. Hy word waarskynlik gearresteer omdat hy nie toestemming het om teen ’n openbare gebou uit te klim nie.

Aktiwiteit 3: Intrige/hoofgebeure

LU2 ASe, g, q

Die leerders som die hoofgebeure op:

- ’n Dogtertjie en haar ma kyk hoe ’n man teen ’n gebou uitklim.
- Terwyl hy klim, spekuleer die omstanders oor hoekom hy dit doen.
- ’n Vrou se sak word gesteel.
- Die man vou ’n banier oop en word dan deur die polisie in hegtenis geneem.
- Die dogtertjie en haar ma voer ’n belangrike gesprek.

Aktiwiteit 4: Vrae wat langer antwoorde vereis

LU1 ASf–j, l–v; LU2 ASi, l, m, n, p, q, s, u

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Watter verskillende motiewe vir die klimmery word deur die omstanders voorgestel?
2. Verduidelik die argument ten opsigte van die groener weivelde en die soustrein (bl. 25).
3. Wie dink julle wen ten opsigte van logika tussen die dogtertjie en haar ma aan die einde van die storie (bl. 26, 27)?

Antwoorde

1. Hulle dink hy wil selfmoord pleeg omdat sy meisie hom afgesê het, omdat hy werkloos is, omdat hy iets aan homself wil bewys, omdat hy onder die invloed van dwelms is. Een persoon dink dit is ’n reklamefoefie, ’n ander dat misdaad en ekonomiese probleme vir hom te veel geraak het.
2. Die een man sê vir die ander hy moet die land verlaat soos soveel mense al gedoen het – om groener weivelde te gaan soek. Die man antwoord dat hy geen begeerte het om die land te verlaat nie, hoewel dit nou so maklik is vir die eerste man om lekker te lewe danksy die voordeel wat hy geniet ingevolge die beleid van die nuwe regering.
3. Die leerders verskaf hul eie antwoorde. Hulle moet toon dat hulle daarvan bewus is dat die vrae wat die dogtertjie vir haar ma vra, laasgenoemde ongemaklik maak, omdat dit demonstreer dat die reëls en wette van die samelewing nie altyd sin maak nie. Wanneer die meisietjie die belangrikste vraag vra – wat ordentlik beteken – weet die ma nie wat om te sê nie en lei sy die dogtertjie se aandag af deur aan te bied om vir haar ’n roomys te koop.

Aktiwiteit 5: Temas

LU2 ASr, s, u

Die leerders bespreek die volgende temas:

- Selfmoord en die motiewe daarvoor
- Vrye uitdrukking – of dit altyd toegelaat moet word
- Hoe politieke en maatskaplike veranderinge mense se daaglikse lewe raak

Aktiwiteit 6: Kwessies

LU2 ASo, p

Die leerders bespreek die volgende kwessies:

- Wanneer moet ons betrokke raak, en wanneer nie?
- Is “hy doen sy werk” of “hy doen sy plig” ’n goeie rede vir ’n onaangename of wrede daad?

Aktiwiteit 7: Algemene vrae

LU2 ASo

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Sou jy betrokke geraak het as jy een van die omstanders was?
2. Stem jy saam met die boodskap op die klimmer se banier?

Aktiwiteit 8: Kreatiewe skryfwerk

LU3 alle AS’e

Die leerders verbeel hulle dat hulle omstanders was. Hulle skryf ’n brief aan die koerant waarin hulle hul gedagtes omtrent die voorval, of oor dinge wat hulle mense hoor sê het, uitspreek.

Assessering

U kan die volgende kontrolelys gebruik:

In my brief het ek:	Ja/Nee
Die korrekte vorm gebruik.	
My idees duidelik verwoord.	
My idees duidelik uiteengesit.	
Eenvoudige en korrekte woordeskat en grammatika gebruik.	

“HULLE KOM!” DEUR RREKGETSI CHIMELOANE

Aktiwiteit 1: Vrae om begrip te toets

LU1 ASa, b; LU2 ASa, e, f

Die interessantheid van hierdie storie is geleë in die redes vir die verteller se reaksies. Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Hoekom wil Sello nie hê hulle moet ’n kers aansteek nie (bl. 29)?
2. Hoekom het hulle besluit om na Mma Motimele se huis toe te gaan, en nie na die mynhope toe nie?
3. Was daar ’n werklike bedreiging van ’n aanval deur die hostelbewoners?

Antwoorde

1. Hy het gedink dit sou vir die hostelbewoners wys dat daar mense in die huis was.
2. Billy was liggaamlik gestrem, en sou nie so vinnig so ver kon loop nie.
3. Hulle het nie geweet nie, en ons weet nie. Dit is nie belangrik vir ons begrip van die storie nie. Wat belangrik is, is die redes vir die seun se reaksies.

Aktiwiteit 2: Intrige/hoofgebeure

LU2 ASe, g, q

Die leerders som die hoofgebeure op:

- Die ma maak die kinders wakker omdat sy bang is dat die hostelbewoners hulle gaan kom vermoor.
- Hulle gaan na Mma Motimele se huis daar naby en laat die geveg aan die ouer seuns oor.
- Die verteller raak aan die slaap en skrik die volgende oggend wakkeer. Almal is veilig; die hostelbewoners het nie gekom nie.

- As volwassene wonder die verteller of daar ooit werklik ’n bedreiging was.

Aktiwiteit 3: Vrae wat langer antwoorde vereis

LU1 ASf–j, l–v; LU2 ASi, l, m, n, p, q, s, u

Die verteller beskryf homself as ’n *paniekbevange twaalfjarige kind* (bl. 31). Hoekom was hy so verskriklik bang?

Antwoord
Sy idees is afkomstig uit die film *Zulu Dawn.* In sy gedagtes hardloop hulle nie van hostelbewoners af weg nie, maar van wreedaardige vegters wie se skerp spiese die Britse soldate deurboor het (bl. 28, 30).

Aktiwiteit 4: Temas

LU2 ASr, s, u

Die leerders bespreek die volgende temas:
- Die werklikheid en verbeelding
- Hoe kan ons die waarheid omtrent enigiets te wete kom?

Aktiwiteit 5: Kwessies

LU2 ASo, p

Die leerders bespreek die kwessie waar ons die waarheid omtrent dinge kan uitvind – uit films, boeke, die internet?

Aktiwiteit 6: Algemene vrae

LU2 ASo

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Is kinders se vrese altyd oordrewe?
2. Dink julle dat baie gevare in die lewe minder skrikwekkend sal wees indien ons dit beter verstaan?
3. Het jy of iemand wat jy ken al ooit in fisieke gevaar verkeer? Hoe het jy of die ander persoon gereageer?

Aktiwiteit 7: Kreatiewe skryfwerk

LU3 alle AS'e

Die leerders skryf 'n brief aan 'n vriend wat bang is vir iets of iemand, of dat iets gaan gebeur. Hulle probeer om die vriend te help deur vir hom of haar goeie raad te gee.

"Gesig van 'n moordenaar" deur Dianne Hofmeyr

Aktiwiteit 1: Voorgestelde prosedure

LU2 ASa

Lees die hele storie saam met die leerders voordat u hulle vra om op die besonderhede te fokus.

Aktiwiteit 2: Vrae om begrip te toets

LU1 ASa, b; LU2 ASa, e, f

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. *"Wie se oorlog voer jy? Joune? Myne? Jou oom s'n? Jou pa s'n?"* Wie is al hierdie mense, en wat is die oorlog?
2. Hoe is Max en Jakes dood?
3. Hoekom bel die verteller haar ma mettertyd al hoe minder?

Antwoorde

1. "Joune" is die verteller se seun, die moordenaar wie se foto in die koerant verskyn (bl. 32); "myne" is die verteller, die ma van die moordenaar; "jou oom" is Max, die verteller se broer; "jou pa" is Jakes, die verteller se kêrel. Die *oorlog* is die konflik tussen die regering van die land en sy opponente: Max veg aan die een kant, in die leër, vir die regering; die verteller en Jakes is aan die ander kant, teen die regering.
2. Max het gesterf terwyl hy in die leër geveg het, die wond is deur 'n koeël of iets groters veroorsaak (bl. 35); Jakes is gedood deur 'n stukkie skrapnel van 'n bom wat hy en die verteller geplant het (bl. 36).
3. Hulle kon nie sinvol praat nie omdat hulle telefoongesprekke afgeluister is.

Aktiwiteit 3: Intrige/hoofgebeure

LU2 ASe, g, q

Die leerders som die hoofgebeure in chronologiese volgorde op:

- Die verteller, Michelle, en haar broer, Max, word groot.
- Hy word opgeroep vir militêre diens en sneuwel.
- Michelle ontmoet vir Jakes, en sluit haar by hom en ander mense wat bomme maak, aan.

- Jakes sneuwel in ’n bomvoorval.
- Michelle gaan voort om haar ma te bel.
- Sy kry ’n kind, wat ook ’n vegter en ’n moordenaar word wanneer hy groot is.

Aktiwiteit 4: Karakters

LU2 ASe, l, q, s

Michelle is teleurgesteld en kwaad wanneer Max instem om aan die kant van die regering te veg, later is sy senuagtig wanneer sy sien hoe gemaklik hy in uniform lyk; sy is kwaad vir haar ma omdat sy hom ondersteun en aanmoedig. Sy wil *Max se plek . . . inneem* (bl. 35), alhoewel sy aan die ander kant veg, as ’n manier om uiting te gee aan haar woede; sy maak bomme as ’n manier om Max se dood te wreek; sy is lief vir Jakes; sy praat op ’n koue, gevoellose wyse, sonder passie oor sy dood, maar is duidelik geskok; sy voel self ’n behoefte aan ondersteuning; sy het bewondering vir haar seun, maar ook teerheid en jammerte; sy voel jammer vir haar ma wat ouer word.

Aktiwiteit 5: Temas

LU2 ASr, s, u

Die leerders bespreek die volgende temas:

- Politieke geweld – die oorsake en gevolge daarvan
- Hoe politieke oortuigings gesinne raak

Aktiwiteit 6: Kwessies

LU2 ASo, p

Die leerders bespreek die volgende kwessies:

- Behoort ouers te probeer om hul kinders se sienings, polities of andersins, te beïnvloed?
- Behoort kinders hul ouers se sienings te aanvaar en net stil te bly indien hulle nie daarmee saamstem nie?

Aktiwiteit 7: Algemene vrae

LU2 ASo

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Aanvaar julle jul ouers en ouer mense se sienings outomaties, of bevraagteken julle dit soms?
2. Wat behoort julle te doen indien julle van hulle verskil?
3. Dink julle julle moet ophou om iets te doen as julle ouers dit nie goedkeur nie?

Aktiwiteit 8: Kreatiewe skryfwerk

LU3 alle AS'e

Die leerders verbeel hulle hulle is Michelle wat 'n soort brief aan Jakes in haar dagboek skryf. Sy skryf oor sy dood, oor Max en oor haar seun.

"Baby" deur E.K.M. Dido

Aktiwiteit 1: Voorgestelde prosedure

Die storie is maklik om te volg. Vra die leerders om op Baby se emosies te let en die ander se reaksies te geniet.

Aktiwiteit 2: Vrae om begrip te toets

LU1 ASa, b; LU2 ASa, e, f

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Hoekom het oom Attie vir Baby altyd so styf vasgehou?
2. Hoe het sersant De Wit geweet dat oom Attie vir Baby ontvoer het?

Antwoorde

1. Hy was waarskynlik bang sy sou met die mense praat en hulle die waarheid vertel.
2. Sy vrou, ook van Pretoria, het die manier waarop Baby *"Mô"* gesê het as tipies van daardie omgewing herken. Dit het sersant De Wit gehelp om die gesig op die plakkate in die kantoor en elders te herken.

Aktiwiteit 3: Vrae wat langer antwoorde vereis

LU1 ASf–j, l–v; LU2 ASi, l, m, n, p, q, s, u

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Soek voorbeelde van die manier waarop Baby se gedrag ongewoon was, veral vir 'n meisie van vyftien.
2. Probeer om te verduidelik hoekom sy so opgetree het.

Antwoorde

1. Die grimering: blou oogskadu, rooi lipstiffie, rooi vingernaels (bl. 38); die kort geel rokkie wat sy nie eens oor haar bobeen probeer aftrek het nie (bl. 39); haar oë was *smekend en hulpeloos* (bl. 39); sy het baie gehuil, wanneer oom Attie haar vasgehou het (bl. 39, 41), asook wanneer sy 'n paar oomblikke alleen saam met die verteller is (bl. 40). In die oggend lyk dit asof Baby dit geniet om die bure te skok deur in skamele onderklere buitentoe te gaan (bl. 40),

maar haar oë is *te wyd gerek* (bl. 41) en sy lyk asof sy nie op dinge fokus nie, sy tree op soos iemand wat dronk is.

2. Die huilery, gelag, glimlaggies, nie fokus nie, kon alles die gevolg van die dwelms gewees het wat oom Attie haar ingegee het. Die huilery kon ook die gevolg van vrees gewees het, aangesien sy onder beheer was van die man wat haar van haar huis af weggeneem het. Die grimering, die klere, die koketterige gedrag is meer kompleks. Dit is waarskynlik iets waarvan oom Attie gehou het, en sy het dit gedoen om hom gelukkig te maak. Terselfdertyd kon sy sien watter mag haar seksualiteit oor hom gehad het, en dit was die enigste manier waarop sy haar mag in die situasie kon toon.

Aktiwiteit 4: Temas

LU2 ASr, s, u

Die leerders bespreek die volgende temas:

- Kinderregte.
- Volwassenes se verantwoordelikheid teenoor kinders.

Aktiwiteit 5: Kwessies

LU2 ASo, p

Die leerders bespreek die kwessie hoe om kindermishandeling te herken en daarop te reageer.

Aktiwiteit 6: Taal

LU2 ASk, l, m, p; LU4 ASc(i), f

Die leerders beantwoord die volgende vraag: Die bure sien nie ’n misbruikte, ontvoerde meisie nie, maar ’n meisie met geen skaamte nie.

Soek die woorde op bladsy 40 wat hul gesindheid, eerder as die waarheid weerspieël.

Antwoord
Die verteller se ma word ’n *heiden* genoem, wat die een of ander *sonde* pleeg deur die *kaalgat tjint* wat haarself so vertoon dat die mans van die dorp *haar skaamtes sien.* Sy word as *kaalgat* beskryf. ’n Heiden is iemand wat nie glo nie, nie iemand wat ’n meisie in haar onderklere laat rondloop nie. Sonde is sonde vir die een wat dit so sien. En hier is die een wat sien, die buurvrou, en nie die ma, Tinkie, nie – wat in elk geval nie vir Baby enigiets laat doen het nie. Baby was nie kaal nie, maar in haar onderklere. Die skaamte, soos die sonde, was skaamte vir die een wat dit op dié manier vertolk.

Aktiwiteit 7: Algemene vrae

LU2 ASo

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Hoe weet ’n mens wanneer iemand ongelukkig is? Is daar onmiskenbare tekens?
2. Wat dink jy behoort jy of iemand anders te doen indien julle voel dat iemand ongelukkig is?

Aktiwiteit 8: Kreatiewe skryfwerk

LU3 alle AS’e

Oom Attie lê ’n verklaring by die polisiestasie af. Hy vertel meestal die waarheid, maar hy wil dit laat klink asof daar goeie motiewe was vir wat hy gedoen het. Vra die leerders om neer te skryf wat hy gesê het.

Assessering

Verduidelik aan die leerders dat oom Attie hard probeer om redelik te klink, soos ’n man met ’n goeie hart. Hy sal dus vriendelike en oorredende taal gebruik en die leerders se skryfwerk behoort dit te weerspieël.

“NET DIE NOMMER HET VERANDER” DEUR FATIMA DIKE

Aktiwiteit 1: Voorgestelde prosedure

LU2 ASa

Die eerste drie reëls gee vir ons die hooftema van die storie: hoe die verteller haar ma beter leer verstaan. Vra die leerders om op te let hoe die verteller van onbegrip na begrip beweeg.

Aktiwiteit 2: Vrae om begrip te toets

LU1 ASa, b; LU2 ASa, e, f

Die leerders bespreek die volgende vrae:

1. Hoe het mnr. Rogers en die verteller se ma en pa mense gehelp?
2. Hoekom is die verteller kwaad vir haar ma?

Antwoorde

1. Mnr. Rogers het dit vir die verteller se ma makliker gemaak om ’n huis te kry om in te woon elke keer dat die gesin aangegroei het; die verteller se pa het ander swart mense gehelp om behuising te kry; die ma het hulle gehelp om werk by mnr. Rogers te kry.
2. Die verteller het gevoel mnr. Rogers het nie haar ma se lojaliteit, haar vreugde elke keer dat hy kom besoek aflê het, verdien nie. Hy het haar swak betaal, dit het hom byna niks gekos om vir haar be-

huising te kry nie, en sy kinders het nie dankbaarheid getoon vir al haar liefde en sorg nie.

Aktiwiteit 3: Vrae wat langer antwoorde vereis

LU1 ASf–j, l–v; LU2 ASi, l, m, n, p, q, s, u

Die leerders beantwoord die volgende vraag: Wat sê die verteller vir ons wanneer sy sê: *Slegs die nommer het verander* (bl. 48)? Wat verstaan sy nou?

Antwoord

Die huis is dieselfde, dieselfde huis wat deur mnr. Rogers aan haar ma gegee is. Sy self sou nie hierdie huis gehad het om in groot te word en om haar eie kinders in groot te maak nie, indien haar ma nie soveel lojaliteit en toewyding teenoor mnr. Rogers en sy gesin betoon het nie. Sy verstaan nou dat haar ma al die jare gewerk het en soveel lojaliteit getoon het deels om haar eie gesin se onthalwe, sodat hulle ’n behoorlike plek sou hê om in te woon, deels vir die beswil van ander swart mense wat deur mnr. Rogers gehelp is omdat hy aan die verteller se ouers se goeie werk erkenning wou verleen.

Aktiwiteit 4: Temas

LU2 ASr, s, u

Die leerders bespreek die tema om met maatskaplike ongeregtigheid saam te leef en daarop te reageer.

Aktiwiteit 5: Algemene vrae

LU2 ASo

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Deur die eeue en tot vandag toe kan ons maar net nie in vrede saamleef nie – mense behandel mekaar dikwels sleg en onregverdig. Wat kan elkeen van ons omtrent hierdie dinge doen wanneer ons dit sien?
2. Dink jy ons het altyd die geleentheid om die slagoffers van maatskaplike ongeregtigheid te help?

Aktiwiteit 6: Kreatiewe skryfwerk

LU3 alle AS'e

Die leerders stel 'n lys op van maatskaplike en politieke ongeregtighede wat in hierdie land plaasgevind het. Hulle moet by elke punt neerskryf wat omtrent hierdie dinge gedoen kan of moet word, en deur wie.

"'N SONDAGKUIER" DEUR DANIEL BUGAN

Aktiwiteit 1: Voorgestelde prosedure

LU2 ASt

Daar gebeur nie veel in die storie nie, maar daar is 'n sterk gevoel van afwagting. Vra vir die leerders om fyn op te let na die stemming en die karakters se verwagtinge.

Aktiwiteit 2: Vrae om begrip te toets

LU1 ASa, b; LU2 ASa, e, f

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Wie is Mavis, en hoekom het sy al ’n paar keer gebel (bl. 49)?
2. Hoekom is die ou man bly om Reggie te sien (bl. 50)?
3. Hoekom sê hy Reggie is ’n onderwyser (bl. 52)?
4. Hoekom wag hulle almal dat Mitchell moet wakker word? Wat wil hulle hê dat hy moet doen?

Antwoorde

1. Sy is Mitchell se vrou. Hy het nie huis toe gegaan nadat hy die vorige aand gaan drink het nie.
2. Hy het dit geniet om politieke kwessies met gaste te bespreek.
3. Hy hou daarvan om hom dit te verbeel. Dit laat Reggie klink na iemand met stand, iemand wat hom beter laat voel oor homself, omdat hy ’n deftige gas ontvang.
4. Hulle dink hy kan die probleem tussen die jongste dogter en die man van wie sy blykbaar geskei is, uitsorteer: Mitchell sal *hom regsien* (bl. 53).

Aktiwiteit 3: Vrae wat langer antwoorde vereis

LU1 ASf–j, l–v; LU2 ASi, l, m, n, p, q, s, t, u

Die leerders beantwoord die volgende vraag: Wat is die stemming in hierdie storie? Hoe bereik die skrywer dit? (*Wenk*: Let op hoe hy die huis, die karakters en dit wat die karakters sê, beskryf.)

Antwoord

Die stemming is treurig, bedruk, neerdrukkend; daar word altyd op iets beters gehoop, maar uiteindelik is daar net teleurstelling. Die ou

egpaar vrolik op wanneer hulle Reggie sien, al voel hy nog babelaas. Hy was ten minste geselskap, iemand met wie die ou man kon praat, iemand na wie sy vrou kon omsien: die man probeer die politieke debat aan die gang kry deur Boesak te noem, sy vrou berei kos vir hom voor (bl. 50). Al die karakters het treurige lewens: Reggie en Mitchell raak dronk en voel die volgende dag ellendig, die ou man ('n diabeet, bl. 51) en vrou in die klein huisie (Reggie sit op 'n stoel *wat uitkyk op die venster*, bl. 49), honger vir geselskap, Mavis met 'n man wat nie by die huis slaap wanneer hy dronk is nie, die jong meisie wat swanger geraak het toe sy sestien was, nou *nie meer vars nie* (bl. 52), en wat nou fisiek misbruik word deur die man wat die seuntjie wil behou. Hulle plaas almal hulle hoop in Mitchell as redder, as die persoon wat *die robbies* sal regsien, maar wat so babelaas is dat hy net op 'n stoel kan neertuimel, wat suur ruik, selfs nie in staat om te praat nie (bl. 53). Die antiklimaks laat Reggie besef daar is geen rede om verder daar te wag vir iets om te gebeur nie. Wat Reggie bedruk en *bang* maak, is dat party van die mense so *tevrede* is met die *chaos en hopeloosheid* (bl. 52). Omdat hulle dit nie kon ontvlug nie, het hulle dit mettertyd begin aanvaar.

Aktiwiteit 4: Temas

LU2 ASr, s, u

Die leerders bespreek die volgende temas:

- Ongelukkige huwelike – hoekom dit gebeur, en hoe egpare die situasie hanteer
- Wat met mense gebeur wanneer hulle oud word

Aktiwiteit 5: Kwessies

LU2 ASo, p

Die leerders bespreek die volgende kwessies:

- Hoe om ’n ongelukkige situasie te hanteer
- Hoe om ’n ongelukkige verhouding te hanteer

Aktiwiteit 6: Taal

LU2 ASp, t; LU4 ASc(i)

Die leerders beantwoord die volgende vraag: Soek woorde en sinsnedes wat die huise in die omgewing beskryf en bespreek hoe die besonderhede daartoe bydra om die stemming van die storie te skep.

Antwoord

Die huise is *klein hokkies ingeprop in ’n modderkleurige gebou*, net die gordyne, *party vir die mooi, ander sommer net stukke lap,* onderskei een huishouding van ’n ander (bl. 51). Die woonstelle was *klein en beknop;* die naam van die naaste blok *hang donkerig* (bl. 53). Alles is te klein vir die inwoners: *klein, ingeprop, beknop.* Kleure is onintéressant en neerdrukkend: *modderkleurige,* die pogings om ’n bietjie kleur te bring droewig en eerder pateties: gordyne *net vir die mooi.* Die plek is nie deftig nie, nie versorg nie, nie goed onderhou nie: die naamplaat val af, hang *donkerig* – die enigste bywoord, want byna al die ander is byvoeglike naamwoorde.

Aktiwiteit 7: Algemene vrae

LU2 ASo

Die leerders beantwoord die volgende vrae: Het jy jou al ooit in ’n

ongelukkige situasie bevind? Was dit moeilik om daaruit te ontsnap? Indien wel, hoekom?

Aktiwiteit 8: Kreatiewe skryfwerk

LU3 alle AS'e

Die leerders verbeel hulle hulle is maatskaplike werkers. Hulle besoek die gesin in die storie in verband met die jongste dogter se seun en skryf dan 'n verslag aan hul baas waarin hulle 'n aanbeveling maak.

Assessering

U kan die volgende kontrolelys gebruik:

In my verslag het ek:	Ja/Nee
Eenvoudige, duidelike taal gebruik.	
Die omstandighede duidelik uiteengesit.	
Verslag gedoen van die onderhoude wat ek gevoer het.	
My aanbevelings uiteengesit.	
Sensitiwiteit getoon teenoor die mense met wie ek gepraat het.	
Getoon dat ek die situasie begryp.	

"Meneer Sellulêr" deur Moses Sovumani Mahlangu

Aktiwiteit 1: Voorgestelde prosedure

Dit is 'n vermaaklike storie wat aan die einde stof tot nadenke bied.

Aktiwiteit 2: Vrae om begrip te toets

LU1 ASa, b; LU2 ASa, e, f

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Hoe voel die skrywer oor selfone (bl. 54)?
2. Hoekom is die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte *geminag* (bl. 56)?
3. Hoekom het Tintswalo vir die departementshoof gesê wat Meneer Sellulêr gedoen het (bl. 58)?

Antwoorde

1. Hy hou nie daarvan nie: hulle is *irriterende* en *tegnologiese martelinstrument[e]* (bl. 54).
2. Letterekursusse word bestempel as *"vroumenskursusse"* – hulle is makliker en het minder *prestige* as kursusse in die Regs- en Handelsfakulteite (bl. 56).
3. Sy wou wraak neem omdat hy *haar gebruik het* terwyl hy *nie lief is vir haar nie* (bl. 58). In sy eie woorde, hy wou haar hê omdat hy *so gulsig is* (bl. 57).

Aktiwiteit 3: Karakters

LU2 ASe, l, q, s

Meneer Sellulêr is gewild, het baie meisies, is die eerste op die kampus om 'n selfoon te hê, is baie aantreklik (bl. 55), praat vlot Engels, trek spoggerig aan en gebruik duur parfuum (bl. 55). Met ander woorde, dit lyk asof dit voor die wind gaan met hom, en sy sukses met die dames is geen verrassing nie. Hy is egter nie 'n goeie mens nie – hy maak afskrifte van eksamenvraestelle en gee hulle aan die vroue wie se aandag hy wil hê (bl. 58).

Aktiwiteit 4: Temas

LU2 ASr, s, u

Die leerders bespreek die volgende temas:

- Liefde en hofmakery
- Oneerlikheid en bekentenis – vergoed die bekentenis ooit vir die oneerlikheid?

Aktiwiteit 5: Kwessies

LU2 ASo, p

Die leerders bespreek die volgende kwessies:

- Is ’n man of vrou wat maklik seksmaats kry, ’n gelukkige mens?
- Is dit aanvaarbaar vir ’n onderwyser om leerders te help deur voor die eksamen die eksamenvraestel vir hulle te wys?

Aktiwiteit 6: Algemene vrae

LU2 ASl, o, q, s

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Meneer Sellulêr verdedig homself deur te sê dat hy nooit ’n eksamenvraestel *verkoop* het nie (bl. 58). Maak dit sy optrede aanvaarbaar?
2. Indien iemand sou aanbied om voor die eksamendatum ’n eksamenvraestel aan jou te wys, sou jy die aanbod aanvaar en daarna kyk?

Aktiwiteit 7: Kreatiewe skryfwerk

LU3 alle AS’e

Die leerders verbeel hulle hulle is een van Meneer Sellulêr se meisies.

Hulle hou nie van wat Tintswalo gedoen het nie en skryf ’n brief aan haar om vir haar te vertel wat hulle van haar dink.

“HOND-STER” DEUR JENNY HOBBS

Aktiwiteit 1: Voorgestelde prosedure

Probeer om nie die leerders se genot te bederf deur te veel bespreking of bestudering van die storie nie.

Aktiwiteit 2: Vrae om begrip te toets

LU1 ASa, b; LU2 ASa, e, f

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Hoekom het Loretta se gesindheid teenoor Fanie verander toe hulle skool toe moes gaan?
2. Dit lyk nie asof Fanie se kinderdae baie maklik was nie. Watter probleme was daar in sy lewe?
3. Hoekom wou Fanie nie ’n Doberman, ’n bulhond, ’n Skotse skaaphond, of ’n Deense hond wees nie, maar ’n rifrug?
4. Dit is nie maar ’n doodgewone “Toe word ek wakker en dit was alles net ’n droom”-storie nie. Hoe weet julle dit?

Antwoorde

1. Dit was gewoonlik nie fatsoenlik vir meisies en seuns van hierdie ouderdom om met mekaar te speel nie.
2. Nadat sy pa ’n alkoholis geraak het, en toe oorlede is, het sy ma streng toegesien dat die kinders studeer en hulle vir goeie loopbane voorberei.
3. ’n Doberman is te aggressief, ’n bulhond lelik, ’n skaaphond te senuagtig, ’n Deense hond het ’n lang gesig en is lomp. Geeneen van hierdie eienskappe was geskik nie: hy wou Loretta aantrek,

haar beïndruk. ’n Rifrug sou edel, sterk, goed gehumeurd en van Afrika wees; dit sou tot Loretta se patriotisme spreek.

4. Eerstens sê Fanie op bladsy 61 hy sou nie die lewe by die huis kon hanteer nie *as ek nie soms in my verbeelding kan ontsnap nie.* Dan, alhoewel hy uit ’n koorsdroom wakker word (bl. 67), weet hy van die skoenlapper-tattoe, wat, te oordeel na Loretta se geskokte reaksie, nie net in sy verbeelding bestaan nie. Fanie die hond is dus nie net ’n droom nie, dit is ook nie ten volle verbeelding nie: dit is ’n vervulling van sy wense dat Loretta vir hom moet lief wees.

Aktiwiteit 3: Temas

LU2 ASr, s, u

Die leerders bespreek die volgende temas:

- Liefde en verskillende maniere om dit te betoon
- Positiewe en negatiewe fantasieë

Aktiwiteit 4: Kwessies

LU2 ASo, p

Die leerders bespreek die kwessie van wat om te doen as die seun of meisie vir wie jy lief is, nie dieselfde oor jou voel nie.

Aktiwiteit 5: Taal

LU4 ASc(i)

Die leerders bespreek die snaakse dinge wat die honde in die storie “sê” en kies hul gunstelingfrases.

Aktiwiteit 6: Algemene vrae

LU2 ASo

Die leerders bespreek die volgende vrae:

1. Dink julle dit help om te fantaseer wanneer ’n mens voor ’n moeilike situasie te staan kom?
2. Is daar beter dinge om te doen as fantaseer?

Aktiwiteit 7: Kreatiewe skryfwerk

LU3 alle AS’e

Die leerders verbeel hulle hulle is Loretta wat ’n inskrywing in haar dagboek maak oor die rifrughond met wie sy vriende gemaak het en wat sy “Honneloetsjie” noem. Hulle beskryf die hond en hoe hy eendag net verdwyn het.

Assessering

Verduidelik aan die leerders dat hulle self kan besluit hoeveel werklikheid en hoeveel fantasie hulle in hierdie dagboekinskrywing wil inbring. Dit moet egter net so oortuigend wees soos die oorspronklike storie, en moet getuig van ’n duidelike begrip van die storie.

“Klein barbare” deur James Matthews

Aktiwiteit 1: Vraag om begrip te toets

LU1 ASa, b; LU2 ASa, e, f

Die leerders beantwoord die volgende vraag: Wie lag vir wie of wat, en hoekom?

Antwoord
Die vyf seuns lag vir Shane oor sy naam en sy pet (bl. 70). Shane lag vir die varkie, omdat dit snaaks lyk, soos ’n dronk matroos. Die vyf seuns lag wanneer Willa die honde loslaat en hulle aansê om die varkie aan te val. Die varkie het snaaks gelyk, en dit was snaaks om te sien hoe dit aangeval word, skree en weghardloop. Hulle het Shane uitgejou nadat hulle hom aangeval het en het hom bebloed en met ’n geskeurde pet (bl. 72) agtergelaat.

Aktiwiteit 2: Vrae wat langer antwoorde vereis

LU1 ASf–j, l–v; LU2 ASi, l, m, n, p, q, s, u

Die leerders beantwoord die volgende vrae:
1. Wie dink die seuns is *klein barbare*, en hoekom?
2. Hoekom het die seuns Shane uitgejou nadat hulle hom aangeval het (bl. 71, 72)?

Antwoorde
1. Shane dink so. Hulle is barbare omdat hulle die honde aanmoedig om die varkie aan te val, hulle is nie bekommerd oor die pyn wat die varkie aangedoen word nie, en dink dit is in orde omdat die varkie aan hulle behoort. Hy voel ook hulle is barbare omdat hulle hom aanval en sy pet skeur, iets vernietig wat ’n teken was van die beskaafde stad waarin hy woon. Laastens, wanneer hulle hom aanval, is daar op hulle gesigte *dieselfde wrede uitdrukking as op die honde s’n toe hulle die varkie aangeval het* (bl. 71): barbare val diere en ander mense aan.
2. Shane was anders, ’n seun van die stad met ’n vreemde naam, vreemde klere, ’n vreemde lewe met besoeke aan flieks en waar ’n mens leë wynbottels verkoop. Mense, veral kinders, voel nie gemaklik by iemand wat verskil nie; hulle voel veiliger en meer in beheer wanneer hulle so ’n persoon kan bespot, hom kan aanval,

hom kan verneder, hom kan ontmagtig. En nou, op die grond, bebloed, sy pet geskeur, lyk hy snaaks.

Aktiwiteit 3: Temas

LU2 ASr, s, u

Die leerders bespreek die volgende temas:

- Die voordele van stadslewe en die lewe op die platteland
- Die wreedheid van kinders

Aktiwiteit 4: Kwessies

LU2 ASo, p

Die leerders bespreek die kwessie of kinders geleer kan word om nie wreed te wees nie.

Aktiwiteit 5: Algemene vrae

LU2 ASo

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Het die vyf seuns dit geniet om te kyk hoe die honde die varkie aanval omdat hulle seuns was wat op die platteland woon, omdat hulle kinders is, of om ’n ander rede?
2. Dink julle Shane was verhewe bo die vyf seuns?
3. Dink julle die varkie het werklik pyn gevoel?
4. Sou julle verkies om in die beskaafde stad te woon, soos Shane, of op ’n plekkie soos Teslaarsdal? Hoekom?

Aktiwiteit 6: Kreatiewe skryfwerk

LU3 alle AS'e

Shane was geskok oor die kontras tussen wat hy in die huis sien en wat buite gebeur. Die leerders verbeel hulle hulle is hy en skryf 'n inskrywing hieroor in sy dagboek.

"Pa se begrafnis" deur Luke Alfred

Aktiwiteit 1: Voorgestelde prosedure

In hierdie uittreksel uit 'n novelle kry ons twee kontrasterende sienings van die pa: een van 'n taamlik hartseer man wie se begrafnis deur min mense bygewoon word, die ander van 'n man wat as pa vurige liefde in sy seun geïnspireer het. Vra die leerders om op die twee sienings te let.

Aktiwiteit 2: Vrae om begrip te toets

LU1 ASa, b; LU2 ASa, e, f

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Die gedagte dat Pa dronk was toe hy die kar omgegooi het, *het soos 'n vloek om ons gehuiwer* (bl. 74). Wat beteken dit?
2. Wat omtrent Eddie Botha het vir Ma gepla?
3. *Maar dit was nie my pa nie* (bl. 76). Wat beteken dit?
4. Pa het *my hart geraak* (bl. 79). Wat beteken dit, en hoe het hy dit gedoen?

Antwoorde

1. Dit beteken dat hulle dink sy dood was onnodig en nogal 'n verleentheid, omdat hy dronk was. Die gedagte bly maal deur hul gedagtes, hulle kan nie daarvan vergeet nie.

2. Sy het hom hoor sê hy wil nie na die begrafnis van ’n *soutie* toe gaan nie, tog het hy nou voorgegee om baie vriendelik te wees teenoor haar as Pa se weduwee, en gewillig om te help. Sy is bewus van sy skynheiligheid.
3. Op bladsy 75 en 76 dink die seun aan hoe hy sou wou hê sy pa moes wees – gerespekteer deur baie, sy begrafnis bygewoon deur baie wat hom geken het en vir hom lief was – maar dit was nie waar nie. Daar was baie min mense by die begrafnis, selfs nie almal was daar uit liefde en respek nie.
4. Wat sy pa oor die haarkappers gesê het, het hom emosioneel geraak omdat hy geweet het dit is waar, en hy het nog nooit tevore sy pa met soveel insig en begrip hoor praat nie. Hy het die seun gehelp om verder as die oppervlakkige optrede van die haarkappers te kyk, en dit kan interessant en opwindend wees om die motiewe agter mense se dade te verstaan.

Aktiwiteit 3: Vrae wat langer antwoorde vereis

LU1 ASf–j, l–v; LU2 ASi, l, m, n, p, q, s, u

Die leerders beantwoord die volgende vrae: Wat was volgens Pa die haarkappers se *geheim* (bl. 78-79)? Is daar enigiets ironies hier, as ’n mens na Pa se eie lewe kyk?

Antwoorde

“Sorg is wat die wêreld aanmekaar hou.” Hulle moet vir hulleself sorg, die hoogte van die stoel aanpas sodat hulle nooit hoef af te buig of boontoe te rek nie, hulle rantsoeneer hul energie, vermors dit nooit nie: hulle *werk dus met sorg, is stil, nie oorhaastig nie.* Verder sorg hulle vir die kliënt: as hulle iemand raak skeer, sou dit die mense onrustig maak, hulle moet verskonings maak, miskien verloor hulle ’n kliënt. Ten laaste sorg hulle vir mekaar. Dit is ironies dat Pa verstaan dat ’n mens versigtig moet wees, maar dat hy nogtans nie in staat was

om na homself om te sien nie – 'n *verlore self* (bl. 75), dikwels dronk, nie daartoe in staat om 'n houvas op die lewe in Suid-Afrika te kry nie. Hy was ook nooit daartoe in staat om na ander om te sien nie – dit het nooit gelyk asof hy in Suid-Afrika geglo het nie, en asof hy nooit met die swart mense en die Afrikaners kon vrede maak nie (bl. 75). Nou het mense wat hy geken het, gemaak asof hulle omgee, soos Eddie Botha, of probeer omgee, soos vader Sweeney. Maar hulle kan hom nie so goed verstaan as wat hy die haarkappers verstaan het nie – dit is ook ironies.

Aktiwiteit 4: Temas

LU2 ASr, s, u

Die leerders bespreek die volgende temas:

- 'n Seun se liefde vir sy pa
- Alkoholisme en die gevolge daarvan
- Skynheiligheid

Aktiwiteit 5: Taal

LU2 ASn, q, s; LU4 ASf

Die leerders beantwoord die volgende vraag: Soek die vergelykings wat gebruik word om Ma se reaksie op haar man se dood te beskryf (bl. 73), en die wyse waarop lede van die gesin daardie aand gepraat het (bl. 74).

Antwoord

Ma verkrummel *soos 'n blootgestelde stuk rotswand sou wegbrokkel en in die see stort.* Dit is 'n skielike beweging wat niks kan stopsit nie: dit is van onder weggevreet, daar is geen ondersteuning nie. In die see verdwyn die sand en rots in die water. Ma verkrummel en niemand kan haar werklik help nie, droefheid het haar krag weggevreet en haar

bene swak gemaak, en sy val en verdwyn in hartseer en gehuil. Die familielede het gepraat met *afgemete woorde wat soos swaar klippe uit die mond gerol het.* Swaar klippe is groot en swaar, en kan net met moeite beweeg word. Familielede wil nie praat nie, en woorde kom moeilik en vereis groot inspanning.

Aktiwiteit 6: Algemene vrae

LU2 ASo

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Ken julle iemand wat nie daartoe in staat is om ’n houvas op sy/haar eie lewe te kry nie? Wat is die redes hiervoor?
2. Is daar iemand vir wie jy lief is, maar wat jy graag op die een of ander manier sou wou verander?

Aktiwiteit 7: Kreatiewe skryfwerk

LU3 alle AS’e

Die leerders kies een van die volgende opsies:

1. Jy is die verteller van die storie. Skryf ’n brief aan jou pa in jou dagboek en vertel hom hoe jy voel.
2. Jy is jyself. Skryf ’n brief aan iemand vir wie jy lief is, maar wat jy op die een of ander manier anders sou wou hê. Vertel die persoon hoe jy voel.

"DIE SLEUTEL" DEUR ELSA JOUBERT

Aktiwiteit 1: Voorgestelde prosedure

Die vraag in hierdie storie is: Hoekom wil die verteller die sleutel terugbesorg? Sê aan die leerders dat hulle die vraag sal moet beantwoord.

Aktiwiteit 2: Vrae om begrip te toets

LU1 ASa, b; LU2 ASa, e, f

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Hoekom sê die verteller: *". . . hul's seker al weg"* toe hulle by die huis kom (bl. 80)?
2. Wie was die jong mense met *lang nat hare swiepend in die son* (bl. 82)?
3. Hoekom wil die verteller die sleutel terugbesorg?

Antwoorde

1. Die jong vrou voel nie gemaklik daaroor om in te gaan nie omdat sy weet sy is nie welkom nie. As "hulle" nie daar was nie, sou sy gemakliker gevoel het.
2. Vriende van die verteller toe hy jonk was.
3. Hy het dit gehou sodat hy maklik kan inkom om al sy *goed* (bl. 81) te kom haal. Hy wil alle verbintenis met die huis verbreek: wanneer hy al sy besittings geneem het, laat bly hy die sleutel om te wys dat hy nie wil terugkom nie.

Aktiwiteit 3: Karakters

LU2 ASe, l, q, s

Die **ma** is die hoofrede waarom die verteller sy verbintenis met die huis wil verbreek. Sy is hard en onvriendelik: sy groet nie haar seun of die jong vrou nie, sê net hulle is laat (bl. 80). Die *skerp geluid* van haar skoene op die blokkiesvloer beklemtoon hierdie hardheid. Haar versigtige versorging, die grimering, die goue armbande, die naels *gevyl en geverf* (bl. 81), dui alles op ’n vrou wat wil hê haar voorkoms moet bewonder word, maar sy wil nie oop en warm wees teenoor ander nie – die grimering en juweliersware is byna soos ’n skild teen die wêreld. Haar man is ook ’n slagoffer van haar hardheid – hy skuif sy boonste knoop reg soos hy altyd maak omdat hy *nie wil baklei nie* (bl. 80), haar naels *kap* na sy gewrig *soos die bek van ’n voël*, hulle *sny in sy pols*. Haar stem is *skril* wanneer sy na die jong vrou kyk, wat vir haar iemand geword het om kwalik te neem omdat sy belangriker geword het vir haar seun as wat sy was – *ná alles waaraan hy by my gewoond was*. Sy kan hom nie langer domineer en beheer nie. Wanneer sy besef die seun het nou van haar af weggebreek, en dat sy beheer oor hom verloor het, verdeel sy die blaam – *“Wat het ons verkeerd gedoen?”* vra sy. Sy moes gesê het “ek”: dit was haar hardheid, haar beheer oor hom, haar vyandigheid teenoor die jong vrou, en teenoor haar seun se vriende, enigeen wat haar oorheersing oor haar seun bedreig, wat haar seun weggejaag het.

Die **pa** is ook interessant. Sy verhouding met sy seun is gesonder – hy verwelkom hom, nooi hom en sy vriendin binne; hy het die swembad vir sy seun laat bou, hy het hom leer skubaduik – simbolies op ’n manier van hoe hy die seun help grootword en die huis verlaat. Maar sy vrou kom in die pad van hierdie verhouding, sy klou nou sy gewrig met haar naels wat in hom ingrawe. Interessant genoeg, sy verwag nie ’n antwoord op haar vraag *“Wat het ons verkeerd gedoen?”* nie, en die man waag dit ook nie om vir haar te sê nie. Dit sou net weer ’n geveg veroorsaak het!

Aktiwiteit 4: Temas

LU2 ASr, s, u

Die leerders bespreek die volgende temas:

- Moederliefde: wanneer dit oorgaan in besitlikheid en die begeerte om te beheer
- Vaderliefde soos dit behoort te wees
- Grootword en die huis verlaat

Aktiwiteit 5: Kwessies

LU2 ASo, p

Die leerders bespreek die kwessie of ouers wat hul hul kinders liefhet, hulle behoort aan te moedig om hul eie lewe te gaan lei.

Aktiwiteit 6: Kreatiewe skryfwerk

LU3 alle AS'e

Die leerders kies een van die volgende opsies:

1. Skryf 'n brief van die seun aan sy ma, waarin hy sê hoe hy regtig voel.
2. Skryf 'n brief van die seun aan sy pa, waarin hy sê hoe hy regtig voel.
3. Skryf 'n brief van die pa aan die seun, waarin hy sê hoe hy regtig voel.

Assessering

Verduidelik aan die leerders dat hulle die brief realisties moet laat klink deur in die gedagtewêreld van die seun of die pa in te beweeg – hulle moet hulle indink wat die karakter dink en voel en dit verwoord.

Herinner hulle daaraan dat u hul vermoë om ’n karakter met behulp van bewyse uit die teks te verstaan, gaan assesseer.

“Reus” deur K. Sello Duiker

Aktiwiteit 1: Voorgestelde prosedure

Vra die leerders, ná die lees van die eerste paragraaf, of hulle dink die storie gaan oor die reus handel, of oor ’n seun se inisiasie. Hulle moet ’n idee hê van die rede waarom albei hierdie onderwerpe tesame in die inleidende gedeelte genoem word. Vra hulle om te voorspel. U kan ook aan hulle sê dat u ’n opsomming van die intrige gaan vra; hulle kan dus op besonderhede let terwyl hulle lees.

Aktiwiteit 2: Intrige/hoofgebeure

LU2 ASe, g, q

Die leerders som die hoofgebeure op:

- Menka word die oggend van sy vyftiende verjaardag wakker.
- Hy eet ontbyt en stap weg berg se kant toe in die hoop dat hy sy neef Hapi sal sien.
- Hy kry net bloed buitekant die klein grotjie waar hulle soms rus.
- Hy word in ’n kombers toegedraai en ver weggeneem.
- Hy word alleen wakker, in ’n plek wat hy nie ken nie.
- Hy kry water om te drink en slaag daarin om ’n klein diertjie in ’n wip te vang vir kos en ’n skuiling te bou.
- Een nag word hy weer in ’n kombers toegedraai en weggedra.
- Hy word in ’n meer gegooi.
- Hy kom uit die water en kry hy ’n skoon tuniek.
- Hy trek die tuniek aan en gaan huis toe, waar hy nou anders aangespreek word, as ’n man.

Aktiwiteit 3: Vrae wat langer antwoorde vereis

LU1 ASf–j, l–v; LO2 ASi, l, m, n, p, q, s, u

Die leerders beantwoord die volgende vraag: Wat leer Menka gedurende sy inisiasie?

Antwoorde

Hy het praktiese dinge geleer: hoe om ’n veilige plek te kry om in te slaap (bl. 87), hoe om water te kry om te drink, hoe om kos te kry en hoe om ’n dier in ’n wip te vang, dit dood te maak en gaar te maak (bl. 86-87), hoe om ’n skuiling te bou. Hy het geleer hoe om sy vrees en sy eensaamheid die hoof te bied (bl. 87). Hy het geleer hoe om wakker te bly, en waaksaam: die eerste keer is hy in ’n kombers toegedraai, en ’n ver ent weggedra (bl. 85), hy het aan die slaap geraak; die tweede keer (bl. 88) slaap hy nie, maar *bly wakker.* Ten laaste het hy besef daar is waarskynlik nie ’n reus in die berg nie, maar dat party seuns nie die toets oorleef nie, en *verdwyn en nooit weer te voorskyn kom nie* (bl. 83).

Aktiwiteit 4: Temas

LU2 ASr, s, u

Die leerders bespreek die volgende temas:

- Verskillende maniere van grootword
- Inisiasie tot volwassenheid

Aktiwiteit 5: Kwessies

LU2 ASo, p

Die leerders bespreek die volgende kwessies:

- Is inisiasieseremonies goed vir seuns?

- Mis seuns in gemeenskappe wat nie hierdie tradisies navolg nie, iets belangriks in hulle opvoeding?
- Is dit verkeerd om vir kinders stories te vertel wat nie waar is nie?

Aktiwiteit 6: Kreatiewe skryfwerk

LU3 alle AS'e

Die leerders verbeel hulle dat alle seuns en meisies, of hulle in die stad, op 'n dorp of op die platteland woon, een of ander soort ervaring moet deurmaak om hulle op die volwasse lewe voor te berei. Hulle moet hul gedagtes in die vorm van 'n brief neerskryf, of voorgee om iemand anders te wees, en 'n brief aan die koerant skryf waarin hulle hul gedagtes verwoord.

"Ben Prins se voete" deur Jeanne Goosen

Aktiwiteit 1: Voorgestelde prosedure

In hierdie storie onthou 'n vrou 'n ervaring uit haar kinderdae wat sy nooit werklik begryp het nie. Vra vir die leerders om te kyk of húlle dit kan verstaan.

Aktiwiteit 2: Vrae om begrip te toets

LU1 ASa, b; LU2 ASa, e, f

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Hoekom het dit gelyk of vroue verlief is op Ben Prins?
2. Wat was hulle mans se houding? Hoekom?

Antwoorde

1. Hulle was beïndruk deur sy Engelse aksent, het sy styl bewonder – die sigare, die goue raam van sy bril, die strooihoed, sy stappie, sy geamuseerde uitdrukking, sy motor, die romantiese liedjies wat hy met soveel gevoel op die klavier gespeel het (bl. 91-92); die elegante manier waarop hy sy vrou behandel, die motordeur vir haar oopmaak (bl. 92).
2. Hulle het gedink hy was ’n windmaker, iemand wat hom met *grand besigheid* opgehou het (bl. 92), ’n *regte fancy pants* (bl. 92), hy *voer wurmpies vir ’n vis wat klaar gevang is* (bl. 92). Vir hulle moes ’n man se voete platter op die aarde wees, en hy moes minder elegant, meer prakties wees.

Aktiwiteit 3: Vrae wat langer antwoorde vereis

LU1 ASf–j, l–v; LU2 ASi, l, m, n, p, q, s, u

Die leerders beantwoord die volgende vraag: Hoekom het die verteller dit geniet om Ben Prins se voete te krap, en hoekom het sy stilgebly daaroor?

Antwoord

Ons weet nie werklik nie, en die verteller het ook nie geweet nie, maar dit is interessant om daaroor te bespiegel. Sy *wou dit goed doen* (bl. 93), en het goed gevoel wanneer sy dit kon regkry. Sy het daaraan gewerk; sy het gekonsentreer; sy het stukkies glas bymekaargemaak wat die werk goed sou doen en wat vir Ben Prins plesier sou gee. Dit is dus die vreugde van werk wat goed gedoen is. Verder het sy sy voete bewonder: hulle was glad en skraal; hulle het haar aan die voete van Christus by die klooster naby haar huis herinner. Sy het dit nie gesê nie, maar sou die krap kon wees soos ’n daad van verering vir hierdie man wat haar aan Christus herinner? Sy het stilgebly daaroor omdat sy instinktief geweet het dat mense nie sou verstaan nie, en besef het

mense sal minder van hom dink as hulle moet weet (bl. 93). Selfs deftige, elegante mense het private oomblikke, private plesiere, maar dit is vir mense moeilik om dit te aanvaar. Mense verwag van deftige mense dat hulle nooit minder as deftig sal wees nie. Daar is ’n ander moontlike betekenis hier. Deftige mense mag nie voete van klei hê nie. (Iemand met voete van klei het ’n swakheid of fout waarvan mense nie bewus is nie.) Ben Prins se voete is glad, soos klei. Sy swakheid is die genot van ’n eenvoudige, fisieke plesier wat nie by sy deftige beeld pas nie. Die verteller wil nie hê ander mense moet weet van hierdie voetkrappery nie; hulle sou dit as ’n swakheid beskou.

Aktiwiteit 4: Karakters

LU2 ASe, l, q, s

Al praat sy glad nie in die storie nie, is **mev. Prins** ’n interessante karakter. Mense sê sy het aan haar senuwees gely. Sy is selde buite gesien, het selde gaan stap of inkopies gaan doen. Binne sien ons haar net langs haar man op die bed lê, in haar onderklere, waar sy vrouetydskrifte lees. Sy het nooit eens opgekyk of enigiets gesê wanneer die verteller besig was tydens die voetkrappery nie. Sy het dit vermoedelik geniet om soos ’n koningin behandel te word, en dat iemand die motordeur vir haar oopmaak. Kon haar vreemdheid, haar afsydigheid, haar verdiep wees in vrouetydskrifte, deel wees van die rede waarom Ben die eenvoudige fisieke sensasie dat sy voete gekrap word, geniet?

Aktiwiteit 5: Temas

LU2 ASr, s, u

Die leerders bespreek die tema van ’n openbare beeld en private lewe.

Aktiwiteit 6: Kreatiewe skryfwerk

LU3 alle AS'e

Die leerders dink daaroor na of 'n mens se openbare beeld ooit presies met jou ware aard ooreenstem. Hulle skryf 'n opstel met die titel: "Die openbare beeld en die privaat lewe" om te verduidelik hoekom 'n mens se openbare beeld en jou privaat lewe dikwels soveel verskil.

"DIS MÝ BEURSIE!" DEUR THOMAS RAPAKGADI

Aktiwiteit 1: Voorgestelde prosedure

Akufani se motiewe, Vusi se rol en die verrassende wending aan die einde is die interessantste aspekte van hierdie eenvoudige storie.

Aktiwiteit 2: Vrae om begrip te toets

LU1 ASa, b; LU2 ASa, e, f

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Op bladsy 94 wonder Akufani: *"Is Vusi besig om sag te raak?"* Ten opsigte waarvan?
2. Wie lag die laaste?

Antwoorde

1. Miskien het Vusi begin sleg voel daaroor dat hy mense beroof met die doel om meisies te kry en hulle te beïndruk.
2. Die polisieman lag laaste in die storie, wanneer hy kyk hoe Akufani nie kan verduidelik waar die dwelms vandaan kom nie, hoe hy wens hy het nie die beursie gesteel nie, asook wens hy het nie gelieg dat dit syne was nie. Die ou man kan ook die laaste lag,

wanneer hy aan die dief dink wat in die moeilikheid is oor die dwelmmiddels wat hy by hom gehad het.

Aktiwiteit 3: Karakters

LU2 ASe, l, q, s

Akufani beroof mense, selfs arm mense, maar gebruik nie geweld om dit te doen nie. Hy word self ’n slagoffer van geweld.

Aktiwiteit 4: Temas

LU2 ASr, s, u

Die leerders bespreek die volgende temas:

- Skyn en die werklikheid
- Misdaad en verskillende soorte misdadigers

Aktiwiteit 5: Kwessies

LU2 ASo, p

Die leerders bespreek die volgende kwessies:

- Behoort ’n goeie vriend by ’n mens te staan, selfs wanneer jy slegte dinge doen?
- Is alle misdadigers dieselfde soort mens?

Aktiwiteit 6: Algemene vrae

LU2 ASo

Die leerders beantwoord die volgende vraag: Het iemand jou al ooit in die steek gelaat? Hoekom?

Aktiwiteit 7: Kreatiewe skryfwerk

LU3 alle AS'e

Die leerders verbeel hulle Vusi kry 'n werk, en ná 'n ruk kan hy sy vriend Akufani se borgtog betaal sodat hy uit die tronk kan kom. Hulle skryf die gesprek tussen die twee mans neer terwyl hulle van die tronk af wegstap.

Assessering

U kan die volgende kontrolelys gebruik:

In my dialoog het ek:	Ja/Nee
Die korrekte taal gebruik – die taal wat vriende met mekaar praat.	
Konsekwent daardie taal gebruik.	
Kort, eenvoudige sinne gebruik.	
Idees neergeskryf wat met die storie strook.	

"Die Bose Listige Wolf" deur Buntu Siwisa

Aktiwiteit 1: Voorgestelde prosedure

LU2 ASm, n, p, r

Vra vir die leerders of hulle die storie van Rooikappie en die wolf ken. Indien nie, kan u 'n weergawe van die storie saambring klas toe en dit vir hulle lees, of dit eenvoudig vertel. Terwyl hulle "Die Bose Listige Wolf" lees, moet hulle op die uitkyk wees vir wie of wat die Bose Listige Wolf is en wie nie.

Aktiwiteit 2: Intrige/hoofgebeure

LU2 ASe, g, q

Die leerders som die hoofgebeure op:

- Die verteller se ma vra hom om kos en medisyne na sy bedlêende ouma toe te neem.
- Op pad daarheen word hy by ’n padblokkade voorgekeer en in hegtenis geneem.
- By die polisiestasie word hy vrygelaat nadat die polisie hom om verskoning gevra het vir die misverstand.
- Sy motor raak onklaar en hy gaan te voet verder.
- Hy sien ’n jong wit meisie, wat skrik en weghardloop.
- Hy skrik weer vir ’n ander man, maar hierdie man gee hom net raad oor watter pad om te neem.
- Hy kom by sy ouma se huis aan, en is onthuts oor die fisieke tekens van ouderdom en harde werk wat hy by haar opmerk.

Aktiwiteit 3: Vrae wat langer antwoorde vereis

LU1 ASf–j, l–v; LU2 ASi, l, m, n, p, q, s, u

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Wie in die storie is die Bose Listige Wolf, en wie is dit nie?
2. Hoekom sê die verteller: *“seën dan al die Bose Listige Wolwe en behoed hulle van uitwissing”?*

Antwoorde

1. Die Bose Listige Wolf (BLW) is ’n simbool van boosheid en geweld. So het die BLW die verteller se broer doodgemaak toe hy huis toe gery het ná werk, en dit lyk asof ander mans in die gesin dieselfde lot oorgekom het (bl. 97). Die BLW word ook genoem die Ondier (bl. 98), ’n ooglopender verwysing na die Duiwel, na

Satan (sien byvoorbeeld Openbaring 13 in die Bybel). Die BLW is die misdadiger wat gesoek word en wat op TV-skerms verskyn, uit huise steel, motors kaap, beursies en selfone gryp, banke beroof en vroue verkrag (bl. 98). Die polisie by die padblokkade dink die verteller is die BLW, want hy lyk soos die kaper na wie hulle soek, maar hy is nie. Die wit meisie (bl. 100) dink hy is die BLW, waarskynlik omdat hy swart is en hulle in 'n donker plek is, en dit is waar ons verwag om BLW'e te sien, maar sy het verkeerd. Die verteller dink die man met die songebrande vel is die BLW, maar hy het ook verkeerd: die man is vriendelik en gee hom nuttige aanwysings. Selfs die verteller trap in die slagyster en laat hom deur uiterlike voorkoms mislei wat betref iemand se ware aard. Laastens dink die verteller sy ouma is die BLW, maar sy lyk maar net soos 'n wolf as gevolg van haar ouderdom en harde werk haar lewe lank.

2. Hy besef die meeste mense wat ons daarvan verdink dat hulle BLW'e is, is dit in werklikheid nie. Hulle lyk dalk soos BLW'e, en hulle word verdink op grond van die situasie waarin hulle is. Om die waarheid te sê, hierdie vals beskuldigde BLW'e loop self die gevaar om die slagoffers van ware BLW'e te raak. Die verteller hoop dat God al hierdie vals beskuldigde mense kan help voordat hulle almal slagoffers van vals beskuldiging, foutiewe inhegtenisname en foutiewe opsluiting raak, of slagoffers van ware BLW'e in die vorm van diewe, verkragters en kapers. Met ander woorde, daar is baie meer mense wat foutiewelik as BLW'e bestempel word, as wat daar ware BLW'e is.

Aktiwiteit 4: Temas

LU2 ASr, s, u

Die leerders bespreek die tema van misdadigers en onskuldige mense.

Aktiwiteit 5: Kwessies

LU2 ASo, p

Die leerders bespreek die volgende kwessies:

- Hoe kan ’n mens tussen misdadigers en onskuldiges onderskei?
- Hoe kan ’n mens onskuldige mense beskerm wanneer daar na misdadigers gesoek word?

Aktiwiteit 6: Algemene vrae

LU2 ASo

Die leerders beantwoord die volgende vrae: Het jy jou al ooit misgis omtrent iemand se ware aard? Wat het jou daardie verkeerde oordeel laat vorm?

Aktiwiteit 7: Kreatiewe skryfwerk

LU3 alle AS’e

Laat die leerders hul eie weergawe van die Bose Listige Wolf-storie vertel. Dit kan ernstig of humoristies wees, of ’n onverwagte kinkel aan die einde hê.

Assessering

Verduidelik aan die leerders dat hul storie kreatiewe idees, ’n goeie storie, ’n vlot vertelling en interessante karakters moet bevat. Hulle kan die aktiwiteit as ’n tuiswerkprojek aanpak. Laat ongeveer ’n week hiervoor toe, om die leerders die geleentheid te gee om ook ander weergawes van die storie op die internet op te spoor en oor hul eie weergawe na te dink.

"HULE HET NIE EENS SY NAAM GENOEM NIE" DEUR BEVERLEY JANSEN

Aktiwiteit 1: Voorgestelde prosedure

Chantelle en Clivie se idees en motivering vorm die fokuspunt van hierdie storie. Vra die leerders om na hierdie aspekte op te let terwyl hulle lees.

Aktiwiteit 2: Vrae om begrip te toets

LU1 ASa, b; LU2 ASa, e, f

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Hoekom het Chantal besluit om Clivie *nie vies te maak nie* (bl. 102)?
2. Hoekom wou Donnie vir Clivie 'n *taai klap* gee (bl. 105)?
3. Wat dink julle, hoekom lei praatjies dat niemand omgee nie (bl. 105) altyd tot moeilikheid?
4. Watter gaping het Clivie vir Chantelle op bladsy 107 geskep?
5. Chantelle wou die vergadering onthou, nie Clivie se *verskrikte gesig* nie (bl. 107). Hoekom?

Antwoorde

1. Waarskynlik omdat sy wou hê daar moet iets positiefs uit die vergadering kom, en om hom kwaad te maak, sou dit minder waarskynlik maak dat hy redelik sou wees.
2. Hy het gedink Clivie was onnosel, dat hy vergeet het dat hulle die graffiti op die mure moet hê om die gebied van die onderskeie bendes te onderskei. 'n Klap kan hom dalk tot sy sinne bring.
3. Dit sou hulle kwaad maak, maar die woede sou instinktief teen 'n ander bende gerig wees, nie in 'n konstruktiewe rigting nie.
4. Terwyl die bende hulle besig gehou het met die aanval op hom, het sy 'n kans gehad om weg te hardloop.

5. Sy hoop dat die positiewe, konstruktiewe gedagtes wat uit die vergadering na vore gekom het, opgevolg sal word. Daarby maak dit haar seer om te onthou hoe sy gesig gelyk het terwyl hy aangeval is.

Aktiwiteit 3: Vrae wat langer antwoorde vereis

LU1 ASf–j, l–v; LU2 ASi, l, m, n, p, q, s, u

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Hoekom dink julle sê die skrywer die koerante *het nie eens sy naam genoem nie* (bl. 107)?
2. Daar word 'n hele paar keer na tekeninge en prente verwys in die storie. Is dit belangrik?

Antwoorde

1. Clivie se dood is net 'n statistiek, en ignoreer die feit dat hy 'n werklike persoon met hoop en verwagtinge was – *"Party dink ons het g'n drome nie"* sê hy (bl. 107). Dit noem nie dat hy wou ophou baklei om 'n beter lewe vir homself, sy vriende en sy gesin te skep nie.
2. Dit is die kinders se tekeninge teen die mure van die pre-primêre skool (bl. 102, 103), dan as *mooi skilderye* om op die townshipmure naby die sportterrein en skole aan te bring (bl. 105, 106). Hulle noem ook die manier waarop hulle verf vir die prente sal kry (bl. 106). Die kinders se prente is 'n beeld van hulle wêreld. Dit is interessant dat die afbeeldinge van die vroue groter is as dié van die mans (bl. 102). Dui dit aan dat hulle ma's vir hulle belangriker is as hulle pa's – in treurige en ironiese kontras met wat in hierdie storie gebeur, waar die mans veg en mekaar doodmaak en die omgewing onveilig maak vir die kinders? Die mooi skilderye op die townshipmure sal die graffiti vervang wat die bendes se gebied afmerk, dus 'n uiterlike teken van 'n verandering in denke. Hulle wil ook nie fantasie hê, soos Amerikaanse strokiesprentkarakters nie; hulle wil

werklike Suid-Afrikaanse tonele hê, mooi skilderye van die berge en die see – hulle verandering van denke beteken dat hulle lewens ook moet verander. Toe hulle bespreek hoe om die verf te kry, sê hulle dit sal nie deur die ou metodes van steel wees nie, maar op ’n nuwe, beter manier deur donasies te soek.

Aktiwiteit 4: Temas

LU2 ASr, s, u

Die leerders bespreek die tema van die siklus van geweld.

Aktiwiteit 5: Kwessies

LU2 ASo, p

Die leerders bespreek die kwessie van hoe ons die siklus van geweld kan verbreek.

Aktiwiteit 6: Algemene vrae

LU2 ASo

Die leerders beantwoord die volgende vraag: Watter raad sou julle gee aan iemand wat in ’n siklus van geweld vasgevang is?

Aktiwiteit 7: Kreatiewe skryfwerk

LU3 alle AS’e

Die leerders verbeel hulle hulle is Clivie, wat nadat hy gesterf het ’n brief aan Chantelle en sy medebendelede skryf om te sê wat hy dink en voel.

"KREWE GAAN NIE DOOD NIE" DEUR TOM DREYER

Aktiwiteit 1: Voorgestelde prosedure

Hoewel dit 'n eenvoudige storie is, handel dit oor komplekse idees.

Aktiwiteit 2: Vrae wat langer antwoorde vereis

LU1 ASf–j, l–v; LU2 ASi, l, m, n, p, q, s, u

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Afgesien van in die titel, verskyn krewe drie keer in die storie. Hoekom word hulle elke keer genoem?
2. Wat dink julle is die belang daarvan vir die storie wanneer dit die laaste keer deur Stef op bladsy 110 genoem word?

Antwoorde

1. Daar word drie keer na kreef verwys:
   a. Die Transvaalse besoekers los hul babas in die son en hulle brand so *rooi soos 'n kreef* (bl. 108).
   b. Stef praat oor oom Patrick wat gaan kreeftrek het saam met hom en sy pa toe hy in die hoërskool was. Die priester het na die krewe onder in die boot geloer, en iets gesê van die *immortality of lobsters.* Dit was iets waaroor in die Middeleeue gedebatteer is, maar Stef dink aan iets anders in verband met die krewe.
   c. In die wagkamer by die hospitaal het Stef sy opvatting verduidelik: krewe lyk almal dieselfde, hulle is nie individue nie, hulle is deel van 'n *groter geheel,* deel van die idee kreef; wanneer een doodgaan, bly die idee *kreef* voortbestaan.
2. Lawrence het gesterf, maar iets bly voortbestaan: sy idees, sy gees. Hy sien dinge op 'n kreatiewe, oorspronklike manier – die rooi babas is soos offerandes wat aan die son geoffer word (bl. 108). Hy is energiek, prakties, meganies bedrewe (bl. 108, 109). Hy kan

sien wat nodig is, en wat onnodig is in die lewe – hy spoor ’n *oorbodige skroefie* op as gevolg van sy gepeuter. Laastens leef hy werklik – *Le Roux kon ’n barshou kyk* (bl. 109). Soos so dikwels, is dit ironies genoeg die mense wat werklik leef wat jonk sterf. Maar sy idees bly voortbestaan, en sy vriende kan voortgaan om sy idees uit te leef.

Aktiwiteit 3: Temas

LU2 ASr, s, u

Die leerders bespreek die volgende temas:

- Om ten volle te leef
- Die onsterflikheid van idees – met ander woorde, hoe idees voortleef

Aktiwiteit 4: Kreatiewe skryfwerk

LU3 alle AS’e

Die leerders skryf van die dinge wat Le Roux vir sy vriende, die verteller en Stef sê oor die lewe.

“Tupperware” deur François Bloemhof

Aktiwiteit 1: Voorgestelde prosedure

Ook in hierdie storie oefen fantasie ’n invloed op die werklikheid uit. Vra die leerders om die storie te lees en laat hulle daarna kyk of hulle enige ooreenkomste met ’n ander storie in die bundel kan uitwys.

Aktiwiteit 2: Vrae om begrip te toets

LU1 ASa, b; LU2 ASa, e, f

1. Hoekom dink Sandra dat Tricia ’n heks is?
2. Hoekom verander Juan aan die einde van die storie van plan en besluit om tog met Sandra uit te gaan ?
3. Wat het Sandra uit die ervaring geleer?

Antwoorde

1. Sy het gedink haar oë lyk soos die oë van ’n heks; in haar kamer is daar die reuk van onbekende kruie, en vreemde simbole teen die muur. Sy streel ’n Siamese kat met ’n geheimsinnige voorkoms. Haar vermoedens word bevestig wanneer sy besef en dan sien wat in die groot swaar kis by die venster is: die harte van seuns wat Tricia gesteel het. Wanneer Sandra in die kamer kom, is Tricia se hare *soos krullende takke om haar kop* (bl. 112). Laastens, wanneer die kraak van die deksel Tricia wakker maak, sis sy (soos ’n kat? soos ’n heks?), en haar hare staan wild.
2. Sandra gee sy hart vir hom terug en hy verkeer nie meer onder Tricia se betowering nie – hy is weer bewus van sy liefde vir Sandra.
3. Sy moet beter sorg vir haar liefde vir Juan. Ons weet nie in watter opsig haar sorg tekort geskiet het nie, maar dit moet prakties wees: so prakties soos die Tupperware wat sy gebruik om Juan se hart na hom toe terug te neem.

Aktiwiteit 3: Temas

LU2 ASr, s, u

Die leerders bespreek die volgende temas:

- (Swart) towerkuns (*black magic*)
- Die werklikheid en die waarde van fantasie

Aktiwiteit 4: Taal

LU2 Asn; LU4 ASc(x)

Die leerders bespreek die volgende vraag: Die hele storie is soos ’n groot metafoor. Sandra wat die hart van Tricia wegneem, kan vergelyk word met Sandra wat Juan se liefde terugwen. Maar daar is ook baie ander vergelykings in die storie, party maak gebruik van die woorde *soos* of *nes*. Soek die vergelykings, en verduidelik watter effek hulle het.

Antwoorde

Die Nel-huis is soos *fetakaas* (bl. 111). Dit is duidelik nie ernstig of digterlik nie, en dit lyk asof dit aandui dat die storie ook prettig gaan wees. Tricia lyk *na Britney Spears*, en die seuns begeer haar dus blindelings, sonder om te dink, want sy lyk soos ’n sexy popster. Die Siamese kat se oë (bl. 112) blink *soos klam sterre,* dit is wel onduidelik, maar laat ’n mens aan astrologie en towerkuns dink, geskik vir die kat van ’n heks. Tricia se hare waar sy in die bed lê, lyk soos *krullende takke om haar kop,* soos die slange om die kop van die Medusa, in Griekse mitologie – een kyk na haar sou ’n mens in klip laat verander.

Aktiwiteit 5: Kreatiewe skryfwerk

LU3 alle AS’e

Die laaste reël van die storie klink soos ’n advertensieslagspreuk. Dit bevestig dat die storie bloot pret is, en nie te ernstig opgeneem moet word nie. Vra die leerders om aan ’n bestaande advertensieslagspreuk of klingel te dink en ’n storie te skryf wat daarmee eindig.

"SKEWE DEKSELS" DEUR RITA SWANEPOEL

Aktiwiteit 1: Voorgestelde prosedure

Sê aan die leerders dat u hulle gaan vra wat ná die einde van die storie gebeur het.

Aktiwiteit 2: Vrae om begrip te toets

LU1 ASa, b; LU2 ASa, e, f

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Hoekom, dink julle, het nie een van die vroue opgedaag nadat hulle deur die hoekie vir eensames afgespreek het om Manus te ontmoet nie (bl. 114)?
2. Hoekom het Manus 'n brief aan die koerant geskryf (bl. 115, 116)?

Antwoorde

1. Waarskynlik het hulle, soos Manus verwag het, hom sien wag, nie gehou van hoe hy lyk nie, en padgegee.
2. Hy voel besonder bedruk omdat hy vet is, en wil hê mense moet begryp hoe 'n vet man voel. Hy hoop ook dat 'n leseres (vrou) simpatiek teenoor hom sal reageer, en hom miskien sal wil ontmoet.

Aktiwiteit 3: Vrae wat langer antwoorde vereis

LU1 ASf–j, l–v; LU2 ASi, l, m, n, p, q, s, u

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Hoekom dink julle wou die vrou vir Manus ontmoet?
2. Dink julle Manus het die vrou ontmoet en met haar gepraat, of

dink julle hy het uit die restaurant gestap sonder om haar te ontmoet? Gee redes vir julle antwoord.

Antwoorde

1. Miskien kon sy met sy gevoelens identifiseer omdat sy ook vet was. Miskien wou sy net met ’n ander vet mens oor die probleem van oorgewig praat; miskien het sy gedink ’n verhouding sou kon ontwikkel; miskien wou sy ’n artikel skryf oor hoe vet mans daaroor voel om vet te wees.
2. Die leerders verskaf hul eie antwoorde. Sy eerste gedagte was dat hy nie ’n spektakel van homself met so ’n vet vrou langs hom wou maak nie – ironies, want dit was presies hoe party vroue moes gevoel het toe hulle hom gesien het. Hy kon dus omdraai en wegloop. Aan die ander kant, hy kon hom besin het en besef hy moenie skynheilig wees nie, asook dat hy nie op die kwetsende manier waarop ander opgetree het, moet optree nie. Hy kon dan vorentoe gegaan het om die vrou te ontmoet en met haar te praat.

Aktiwiteit 4: Temas

LU2 ASr, s, u

Die leerders bespreek die volgende temas:

- Verskillende maniere van anders wees
- Wat veroorsaak vetsug, en wat is die gevolge daarvan?

Aktiwiteit 5: Kwessies

LU2 ASo, p

Die leerders bespreek die kwessie van hoe ons moet optree teenoor mense wat anders is as ons.

Aktiwiteit 6: Algemene vrae

LU2 ASo

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Volgens die Afrikaanse uitdrukking sal ’n skewe pot ’n skewe deksel kry. Dink julle Manus sal ’n goeie verhouding met die vet vrou in Die Kospot kan aanknoop?
2. Hoe voel julle oor mense wat onderskeidelik baie vet of baie maer is, of wat ’n baie slegte vel of ’n snaakse gesig het? Dink julle hulle het ons simpatie nodig, of raad oor hoe om hulleself te verbeter?

Aktiwiteit 7: Kreatiewe skryfwerk

LU3 alle AS’e

Die leerders verbeel hulle dat Manus omdraai en teruggaan kantoor toe sonder om die vrou te ontmoet. Later, nadat hy lank nagedink het oor wat gebeur het, skryf hy ’n brief aan die koerant en vra dat hulle dit aan die vrou stuur. Hulle skryf dan daardie brief.

“Die meisie met die blues in haar oë” deur Melvin Whitebooi

Aktiwiteit 1: Voorgestelde prosedure

Dit is pynlik om die storie te lees; miskien bring dit die leser in die verleentheid. Dit is nie nodig om begrip te toets nie, aangesien die intrige eenvoudig en duidelik is. Bespreking kan vrugbaar wees, maar indien die leerders ongemaklik voel, moet dit nie afgedwing word nie.

Aktiwiteit 2: Vrae wat langer antwoorde vereis

LU1 ASf–j, l–v; LU2 ASi, l, m, n, p, q, s, u

Die leerders beantwoord die volgende vraag: Die verteller is vasgevang in 'n *nagmerrie wat net nie wil end kry nie* (bl. 120). Wat is die dinge wat hom moontlik pynig?

Antwoord

Die herinneringe aan die aanvanklike aanval en diefstal van sy motor, en aan wat die *uitvaagsel* hom wou aandoen. Herinneringe aan hoe sy aanstaande vrou hom skuiling gebied het, maar toe self verkrag is, terwyl hy te *verlam* was van vrees om haar te help (bl. 119). Herinneringe aan haar lyding soos sy geprobeer het om teenoor hom te reageer, om liefde te maak met hom. Herinneringe aan haar pyn, die pyn wat daartoe aanleiding gegee het dat sy selfmoord gepleeg het. Die herinneringe aan haar dooie oë, starend soos hulle gestaar het die aand nadat sy verkrag is.

Aktiwiteit 3: Temas

LU2 ASr, s, u

Die leerders bespreek die volgende temas:

- Geweld
- Seksuele geweld
- Wraak

Aktiwiteit 4: Kwessies

LU2 ASo, p

Die leerders bespreek die kwessie of ons iemand wat ons sleg behandel het, moet vergewe of eerder wraak moet neem.

Aktiwiteit 5: Algemene vrae

LU2 ASo

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Dink julle daar is ’n oplossing vir die nagmerrie waarin die verteller van die storie verkeer?
2. Wat dink julle sou die beste optrede wees indien julle, of iemand wat julle ken, aangeval, beroof of verkrag is?

Aktiwiteit 6: Kreatiewe skryfwerk

LU3 alle AS’e

Die leerders verbeel hulle hulle is ’n maatskaplike werker wat met baie geweld en ongelukkigheid te doene kry, en met baie mense wie se lewe ’n nimmereindigende nagmerrie is. Hulle doen hierdie werk omdat hulle glo dat hulle sulke mense kan help. Hulle moet neerskryf hoe hulle te werk gaan om die mense te help.

“Uit die puin” deur Allan Kolski Horwitz

Aktiwiteit 1: Voorgestelde prosedure

Lees hierdie kort storie vinnig en vra die leerders of hulle weet waaroor dit handel.

Aktiwiteit 2: Vrae wat langer antwoorde vereis

LU1 ASf–j, l–v; LU2 ASi, l, m, n, p, q, s, u

Die storie verloop soos ’n droom, en soos in baie drome, is die omgewing onbekend; dit kan op enige plek afspeel. Verder is die betekenis, soos met drome, ’n raaisel. Die droom in hierdie storie kan baie betekenisse hê. Wat dink julle is die betekenis? Probeer om aan ’n rede te dink vir die verskil tussen die noorde en die suide, vir die geweermagasyn, vir die wit motor.

Antwoord

Daar is nie genoeg bewyse in die storie om seker te wees van enige enkele interpretasie nie. Dit kan ’n sielkundige betekenis hê, met die gebou wat die intellek of bewussyn simboliseer, die wit motor ’n ontvlugting van ’n traumatiese gebeurtenis, of ongelukkigheid. Dit kan ’n politieke betekenis hê, met iemand wat ongedeerd in die wit motor van ’n plek af vlug, of ’n gemeenskap verskeur deur politieke geweld. Baie ander betekenisse is moontlik – laat die leerders hul gedagtes aanbied.

Aktiwiteit 3: Kreatiewe skryfwerk

LU3 alle AS’e

Die leerders skryf ’n werklike of denkbeeldige droom neer.

Assessering

U kan die volgende kontrolelys gebruik:

In my droombeskrywing het ek:	Ja/Nee
My verbeelding gebruik en duidelike beelde geskep.	
Die atmosfeer duidelik en doeltreffend beskryf.	
Doeltreffende woordeskat gebruik.	

"KOMPRES" DEUR GEORGE WEIDEMAN

Aktiwiteit 1: Voorgestelde prosedure

Indien u hierdie storie in die klas lees, is daar twee plekke waar dit interessant sou wees om die lees te onderbreek: ná die eerste paragraaf van die storie (bl. 123), en aan die einde van die tweede reël op bladsy 125.

Ná die eerste sou u die leerders kon vra om voorspellings te maak:

- Waar is hulle?
- Waarheen het die verteller se pa *gevlug?*
- Hoekom het hy gevlug?
- Gaan hulle na hom soek en hom terugbring?

Ná die tweede kan u die leerders vra of hulle verwag om hierdie mense weer te sien, die man, vrou en baba. Verduidelik hoekom die man se arms *langs sy sye val.*

Aktiwiteit 2: Intrige/hoofgebeure

LU2 ASe, g, q

Die leerders som die hoofgebeure in chronologiese volgorde op:

- Ná baie bakleiery en argumente (bl. 126) het die verteller se pa verdwyn.

- Die ma het gesukkel om hom te kry om onderhoud te betaal.
- Toe is hy weer getroud (bl. 125).
- ’n Jaar of twee later het hy verdwyn, weer met visgerei, en daar is aangeneem dat hy dood is (bl. 126).
- Nege jaar later kom daar ’n brief uit Namibië, van Anna, nie sy tweede vrou nie, om te sê hy is baie siek en wil sy vrou en seun sien voordat hy sterf.
- Hulle leen oom Wally se motor en ry volgens die aanwysings wat in die brief gegee is.
- Die lugreëling raak onklaar.
- Terwyl die ma slaap, ry hulle verby ’n vrou met ’n baba en ’n man wat vir hulle wys om stil te hou, maar Joey ry aan.
- Eenkeer, toe hulle stilhou om ’n plaashek oop te maak, krap die ma haar been teen ’n stuk geroeste draad.
- By die huis praat die ma met die siek man, maar Joey wil nie by hierdie maer man wees wat nie soos die pa lyk wat hy onthou nie (bl. 127).
- Hy probeer die motor se lugreëling herstel.
- Die pa sterf, en ná die begrafnis vertrek hulle.
- Die motor se lugreëling werk steeds nie, die ma se wond word septies.
- Hulle water raak op.
- ’n Donkiekar verskyn, met dieselfde man en vrou by wie hulle tevore verbygery het. Hulle baba het gesterf nadat hy deur iets giftigs gebyt is.
- Hulle kry die plant en gebruik dit om die gif uit die ma se wond te trek.

Aktiwiteit 3: Vrae wat langer antwoorde vereis

LU1 ASf–h, l; LU2 ASi, m, n

Daar is verskeie voorbeelde van ironie in hierdie storie. Kan julle ’n paar aandui? (*Wenk*: Dink aan die motor, die mense op die donkiekar, die baba en die verteller se pa.)

Antwoord
Dit is ironies dat die motor, ’n *toonbeeld van Duitse deeglikheid* (bl. 123), hulle in die steek moet laat ten opsigte van gerief – die lugreëling – en noodsaaklikhede – die deure. Dit is ook ironies dat die een ding wat die motor suksesvol sou kon doen (met ander woorde die man en vrou by water kry en by die plant wat hulle baba sou kon red) nie daarin slaag nie omdat die verteller nie in die versengende hitte wil stilhou nie (bl. 124). Dit is ironies dat die seun jaag om die pa te kan sien voordat hy sterf, maar indirek die dood van ’n baba veroorsaak as gevolg van sy haas om daar te kom. Dit is ironies dat die verteller en sy ma soveel moeite doen om sy pa te sien voordat hy sterf, terwyl dit lyk asof die pa nooit veel moeite gedoen het om na sy vrou en seuns om te sien nie. Dit is ironies dat die man en vrou wat nie deur die verteller gehelp is nie, uiteindelik sy ma se lewe red (bl. 129).

Aktiwiteit 4: Karakters

LU2 ASe, l, q, s

Aanvanklik is die **ma** taamlik amusant; sy is ’n senuagtige passasier en bekdrywer (bl. 123), wat paniekerig raak wanneer haar sigaretaansteker nie werk nie en wat bang is sy kan nie ’n sigaret aansteek nie. Omdat sy nie kan rook nie, raak sy aan die slaap. Sy word wakker en berispe haar seun omdat hy by die afdraai verbygery het, en kyk *verwytend* na hom wanneer die motor gevaarlik swaai (bl. 125). Kort daarna, toe die motor op los sand gly, gee sy ’n *gil* en *kyk* haar seun *met groot oë aan.* Maar, wanneer ons sien hoe sy die man wat haar in die steek gelaat het, verdedig (bl. 126), raak sy ’n amper patetiese figuur. Wanneer sy haar been seermaak, en sê: *“Dit is ’n teken”* (bl. 127), is sy amusant en innemend. Ons voel verder aangetrokke tot haar wanneer sy by haar man sit, alles duidelik vergewe, haar hand oor sy *uitgeteerde vingers, asof sy hulle wil wegsteek.* Altyd lojaal, probeer sy hom nou teen die wêreld beskerm. Op pad terug is sy irri-

terend, praat onophoudelik, maar wanneer die wond septies raak, kan ons nie anders nie as om jammer te voel vir haar nie. Aan die einde is sy stil (bl. 129), en aanvaar sy stilweg die hulp van die vrou.

Aktiwiteit 5: Temas

LU2 ASr, s, u

Die leerders bespreek die volgende temas:

- Dood van bejaardes en baie jong mense
- Familieverpligtinge

Aktiwiteit 6: Algemene vrae

LU2 ASo

Die leerders beantwoord die volgende vraag: Dikwels in die lewe is ons haastig, te besig om tot stilstand te kom en te dink, om dinge om ons op te let, miskien om iemand in nood raak te sien, iemand wat ons hulp nodig het. Soos in die storie, waar die baba sterf as gevolg van die verteller se haas, ly mense dikwels omdat ons nie vir hulle tyd het nie. Het so iets al ooit in julle lewe gebeur, dat julle nie vir iemand anders tyd gehad het nie, of dat iemand nie vir julle tyd gehad het nie? Wat het gebeur?

Aktiwiteit 7: Kreatiewe skryfwerk

LU3 alle AS'e

Die blare trek die gif uit die ma se wond, en sy en haar seun sit hulle reis huiswaarts voort. Die leerders skryf die gesprek neer tussen die man en die vrou in hulle donkiekar soos hulle voortgaan op hulle pad.

"Briewe van ver af" deur Stirro Moffat Banda

Aktiwiteit 1: Voorgestelde prosedure

Daar is geen intrige in die storie nie, maar wel drie interessante mense: die skrywers van die twee briewe, en broer Zuki. Dit is nie baie maklik om die presiese waarheid omtrent hulle almal agter te kom nie.

Aktiwiteit 2: Vrae om begrip te toets

LU1 ASa, b; LU2 ASa, e, f

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Hoekom het Bafana 'n brief aan sy ma geskryf?
2. Wat was haar reaksie?

Antwoorde

1. Hy wou haar vertel hy woon nie in die stad nie, maar in 'n *soort plakkersdorp* (bl. 131). Hy het sy werk verloor, en het nie veel geld gehad nie, maar was besig om 'n nuwe werk te soek. Hy wou haar ook die waarheid oor sy broer Zuki vertel, wat hy onder andere as 'n moordenaar, dief en verkragter beskryf. Hy het gevoel sy ma moet die waarheid omtrent hom weet.
2. Sy het geantwoord dat Bafana domonnosel is, 'n mislukking wat matriek eers kon deurkom nadat hy drie keer gedruip het, 'n seun wat nie daarin kon slaag om ryk te word nie, wat onnosel genoeg was om te dink hy sou genoeg geld verdien om eendag vir hulle 'n huis in Sandton te koop, wat nie daarin kon slaag om sy ouers trots te maak op hom nie. Eerder as om sy broer in sy werk te help, het hy 'n polisie-informant geword wat sy broer uitverkoop het. Op Zuki, daarteenoor, was hulle trots: hy was suksesvol, het universiteit toe gegaan, en nou, as 'n man wat homself in die lewe

opgewerk het, was hy daartoe in staat om sy ouers te help deur vir hulle geld te stuur.

Aktiwiteit 3: Karakters

LU2 ASe, l, q, s

Die **ma**, te oordeel na haar brief, is baie wreed, doelbewus kwetsend: *ons wil jou gesig nooit weer sien nie*, sê sy, en *Moet ons nooit weer ouers noem nie* (bl. 132). Haar verdediging van Zuki is onvolwasse, deurdat sy gebruik maak van woorde wat gewoonlik in 'n grap gebruik word, nie as ernstige verdediging nie: *hy neem net sonder verlof of leen van die eienaars vir permanente gebruik*. Haar taal is kru, onbeheers, en ons kan ons indink dat dit haar karakter weerspieël: *Waar de hel dink jy . . .*, en *Jou onnoselheid ken geen grense nie, seun!*

Zuki is duidelik 'n onaangename mannetjie. Sy studie aan die universiteit dui op sy intelligensie, maar nou maak hy geld deur ander te gebruik en te misbruik. Hy verkoop dwelms, en is by prostitusie betrokke; hy het duidelik baie geld as sy prokureur sy borgtog van R300 000 kan betaal (bl. 130). Daarby het hy 'n vriend geskiet en daaroor gelieg (bl. 131).

Aanvanklik lyk dit of **Bafana** deur en deur goed is. Sy drie pogings om matriek te slaag, is 'n teken van harde werk en uithouvermoë. Hy is 'n pligsgetroue seun wat sy ma se raad volg en van sy broer af wegtrek om onder sy invloed uit te kom (bl. 131). Hy het sy werk verloor, maar soek ernstig ander werk. Hy haal Shakespeare aan – *Some are born great . . .* – nog 'n aanduiding dat hy 'n ernstige student en persoon is. Indien ons sy woorde van nader bekyk, moet ons dalk begin twyfel oor sy voortreflikheid. Hoekom, byvoorbeeld, is dit vir hom nodig om sy ma in te lig oor al die besonderhede van sy broer se misdade, en van ander mense in die omgewing waar hy woon, as dit nie is om aan haar te wys hoe goed hy is nie? Wil hy regtig nie hê sy moet sy pa vertel nie, of hoop hy eerder dat sy sal? Dink hy werklik dat hy ooit genoeg geld

sal hê om vir hulle 'n huis in Sandton te koop, of weet hy dit is onmoontlik, maar sê dit om soos 'n goeie seun te klink? Of is hy onrealisties, of ten minste naïef, om te dink hy kan die geld spaar? Indien hy so 'n goeie persoon is, hoekom is dit vir hom nodig om te sê *Ek is 'n goeie seun* (bl. 131)? Sy lewe en dade sal tog sekerlik hiervan getuig?

Aktiwiteit 4: Temas

LU2 ASr, s, u

Die leerders bespreek die volgende temas:

- Goeie kinders en slegte kinders
- Op watter wyse bewys ouers liefde aan hulle goeie en hulle slegte kinders

Aktiwiteit 5: Algemene vrae

LU2 ASo

Die leerders beantwoord die volgende vraag: Hoe voel julle oor Bafana? Dink julle hy is so goed as wat hy sê hy is, of is daar 'n mate van waarheid in wat die ma in haar brief sê?

Aktiwiteit 6: Kreatiewe skryfwerk

LU3 alle AS'e

Die leerders verbeel hulle dat Zuki by sy ma gaan kuier het en sy vir hom vertel het van die brief wat sy van Bafana gekry het. Hulle skryf dan die brief wat Zuki aan Bafana terugskryf.

"Op 'n sonskyndag in Lavender Hill" deur Marcel Williams

Aktiwiteit 1: Voorgestelde prosedure

Indien die storie in die klas gelees word, moet dit in een sitting gelees word om die skokeffek aan die einde te ervaar.

Aktiwiteit 2: Vrae om begrip te toets

LU1 ASa, b; LU2 ASa, e, f

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Willem sê (bl. 134) hy sal die *eerbare ding* doen. Wat was die eerbare ding?
2. *'n Amateur wat die perfekte moord gepleeg het*, dink Willem (bl. 139). Tog, hy het nie. Verduidelik wat reg verloop het, en wat skeefgeloop het.

Antwoorde

1. Om wraak te neem op Ace wat vir Evie verkrag het.
2. Feitlik alles het goed afgeloop: die steel van die motor, die skietery, ook die poging om van die motor ontslae te raak. Selfs die informant, sonder dat hy daarvan geweet het, het besluit om hom nie te inkrimineer nie. Die een ding wat skeefgeloop het – die biblioteekboek wat op die motorsitplek agtergebly het – was so 'n elementêre fout, so tipies van die amateur.

Aktiwiteit 3: Temas

LU2 ASr, s, u

Die leerders bespreek die volgende temas:

- Misdaad en wraak
- Seksuele geweld en die gevolge daarvan

Aktiwiteit 4: Kwessies

LU2 ASo, p

Die leerders bespreek die kwessie of dit eties is om inligting oor ’n misdadiger aan die owerhede te gee.

Aktiwiteit 5: Algemene vrae

LU2 ASo

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Wat dink julle van die manier waarop Willem vir Evie *gebruikte goedere* (bl. 134) noem? Sê dit vir ons enigiets van hom?
2. Het jy gehoop dat Willem gaan wegkom met die moord op Ace? Was die verrassende einde ’n aangename of onaangename verrassing vir jou? Hoekom?
3. Hoe voel jy oor Hannes? Begryp jy hom, haat jy hom, of voel jy jammer vir hom? Dink jy dit was aanvaarbaar dat hy Pagad kwalik geneem het?

Aktiwiteit 6: Kreatiewe skryfwerk

LU3 alle AS’e

Die leerders verbeel hulle hulle is Willem en berei die verklaring voor wat hy by die polisie moet gaan aflê.

"DIE WERKSMANNE VAN SLOVOVILLE" DEUR JOHNNY MASILELA

Aktiwiteit 1: Voorgestelde prosedure

Lees die storie sonder onderbreking sodat die klas die opbou van hoop, die heroïese optrede en gebare, asook die finale, skokkende einde kan ervaar.

Aktiwiteit 2: Vrae om begrip te toets

LU1 ASa, b; LU2 ASa, e, f

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Hoekom word daar in die eerste paragraaf van die storie beklemtoon dat die dra van baadjies en komberse stamtradisies was?
2. Hoekom moes die inwoners van Slovoville geld insamel om hulle eie skool te bou?
3. Hoekom het Oupa so baie van die werk gedoen?

Antwoorde

1. Die bou van die skool sou 'n gemeenskapspoging wees, en dit is, soos in 'n tradisionele stamsamelewing, deur al die mense bespreek en besluite daaroor is deur almal geneem.
2. Hulle is as plakkers gereken, en daarom was daar geen fondse beskikbaar soos daar vir 'n gevestigde gemeenskap sou wees nie.
3. Die ander mans het nie hierdie soort werk geken nie. Afgesien daarvan het dit hom 'n geleentheid gegee om die rol van die tradisionele held van die stam te speel, wat weer beklemtoon dat dit 'n waarlik demokratiese poging volgens tradisionele stambeginsels was.

Aktiwiteit 3: Temas

LU2 ASr, s, u

Die leerders bespreek die volgende temas:

- Die belang van om jouself binne 'n gemeenskap te kan help
- Hoe misdaad inbreuk maak op ons planne en projekte vir die lewe

Aktiwiteit 4: Kwessies

LU2 ASo, p

Die leerders bespreek die kwessie van wat ons te doen staan wanneer kriminele bedrywighede ons pogings tot selfverbetering in die wiele ry.

Aktiwiteit 5: Taal

LU4 ASa, c(i), c(v)

Die leerders beantwoord die volgende vraag: Oupa is die krygsman, die held. Soek voorbeelde van handelinge wat sy fisieke krag aantoon.

Antwoord

Op sy nek en skouers bult die spiere toe hy die houtsteel met sy staalpunt in die lug laat tol (bl. 141)*; van wie hulle vertel dat hy 'n pofadder aan sy stert gegryp en sy giftande teen 'n mopaniestam uitgeslaan het – lig die pik in die regte posisie, moker die punt in die harde grond vas en . . .* (bl. 141). Let op die energieke werkwoorde: *bult, tol, gegryp, uitgeslaan, moker.*

Aktiwiteit 6: Algemene vrae

LU1 ASf; LU2 ASm, s, o

Die leerders beantwoord die volgende vrae: Daar word nie gesê deur wie Jeremiah Vimbi vermoor is nie. In een opsig was daar die geringe misdaad, die diefstal van die werkers se gereedskap was die motief. Maar daar was ook ’n moord betrokke. Dit was ook ’n terugslag vir die pogings deur die Slovoville-gemeenskap wat hulle geld gespaar het om die gereedskap te koop. Deur wie dink julle is Jeremiah vermoor en die gereedskap gesteel, en hoekom? Was daar dalk ’n ander motief as net die steel van ’n paar stukke gereedskap?

Aktiwiteit 7: Kreatiewe skryfwerk

LU3 alle AS’e

Die leerders skryf ’n kort storie oor vergeefse hoop. Daar moet iemand of ’n paar mense wees wat baie moeite doen, opofferinge maak om iets te bereik, soos in die geval van die Slovoville-werkers. Toe hulle pogings stopgesit is en hul hoop verydel is, het dit gelyk asof niemand iets daardeur gewen het nie.

“Die torings” deur Felicity Wood

Aktiwiteit 1: Voorgestelde prosedure

Hierdie storie, soos “Hond-ster” en “Tupperware”, kombineer werklikheid en fantasie, maar dit is baie verskillend van die ander twee, waar fantasie pret is. Hierdie fantasie is amper soos ’n nagmerrie, en die werklikheid is ook! Dié drie torings bestaan werklik – julle kan hulle op enige foto van Tafelberg sien – en die kamers en die gange is werklik soos dit hier beskryf word, en die wind huil werklik om die

torings. Die leser se taak is om te besluit wat werklik is, en waaroor die storie werklik handel. Die onderwyser moet geleentheid bied vir bespreking, en nie antwoorde gee nie.

Aktiwiteit 2: Vrae om begrip te toets

LU1 ASa, b; LU2 ASa, e, f

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Hoekom ken Jude nie juis enigeen van haar bure nie (bl. 144)?
2. Hoekom dink sy (bl. 145) dat sy besig is om mal te raak?
3. Hoekom gooi sy die pamflet weg (bl. 145)?
4. Waarom, sê die maer jong vroutjie, ken Jude geeneen van haar bure nie (bl. 146)?
5. Hoekom word Jude uiteindelik deur die wind weggewaai (bl. 148)?

Antwoorde

1. Sy werk ongereelde ure, dikwels ook snags, en vertrek en keer dus nie terug huis toe op dieselfde tye as die meeste ander mense nie. Daarby voel sy *ongemaklik* in die gange, en wil nie vertoef en daar met iemand gesels nie – sy kom vinnig in haar kamer en bly daar.
2. Sy sien ’n man wat buite haar venster hang, sonder om aan iets vas te wees, wat net weer verdwyn. Dit is sekerlik nie moontlik nie: sy moet haar dinge verbeel.
3. Dit lyk asof die skrywer haar wil bang maak, soos mense wat kettingbriewe stuur. Sy wil nie bang gemaak word nie; sy wil nie eens daaroor dink nie.
4. Hulle is weggeneem. Dit is nie duidelik hoe of deur wie nie, maar sy het gepraat van mense in die gebou wat hulle kon afluister, en ook oor die wind waarteen sy haar ore toedruk sodat sy dit nie sal hoor nie. Dit lyk asof *“hulle”* sowel hierdie geheimsinnige mense as die wind is.

5 Wanneer sy haar na haar woonstel terughaas om weg te kom van

die geheimsinnige man, kom sy agter die vensters is oop. In haar poging om dit toe te maak, leun sy te ver uit en die wind vat haar en waai haar weg.

Aktiwiteit 3: Vrae wat langer antwoorde vereis

LU1 ASf–j, l–v; LU2 ASi, l, m, n, p, q, s, u

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Alles in die gebou laat ’n mens voel jy *sou kon* wegwaai. Wat is hierdie dinge?
2. Hoekom het die maer jong vroutjie nie weggewaai nie?
3. Hoekom waai die man in die reënbaadjie nie weg nie, selfs al waai hy soms in die lug voor die gebou rond?
4. Wat is die man se verduideliking waarom baie mense in die torings kom woon, en dan wegwaai?

Antwoorde

1. Die wind waai die hele tyd sterk, en die torings beweeg in die wind. Dit kan glasruite uit die vensters waai (bl. 144). As ’n mens uitkyk en afkyk, kan jy duiselig raak (’n gevoel dat alles om jou draai en dat jy nie jou balans kan behou nie, wat veroorsaak word deur van ’n hoogte af ondertoe te kyk). Die wigvormige kamers lyk asof dit *na buite bult . . ., in die vakuum van skreeuende lug in* (bl. 144).
2. Sy sluit haar in haar kamer toe, en druk haar ore toe. Daarby gebruik sy dwelms wat haar help om die werklikheid uit te sluit, die werklikheid dat sy weggewaai kan word.
3. Waarskynlik weet hy hoe om met die wind saam te leef – dit kan hom maar rondwaai, maar nie weg nie. Volgens die Oosterse, Boeddhistiese uitdrukking beteken dit dieselfde as om met die stroom saam te gaan. Dit lyk asof die pamflet dit probeer aandui.
4. Mense wat in die torings kom woon, se lewe is leeg en betekenisloos; hulle is dus lig genoeg vir die wind om hulle weg te waai.

Aktiwiteit 4: Temas

LU2 ASr, s, u

Die leerders bespreek die belangrikheid van ’n doel in die lewe.

Aktiwiteit 5: Algemene vrae

LU2 ASo

Die leerders bespreek die volgende vraag: Hoekom dink julle het Jude weggewaai?

Aktiwiteit 6: Kreatiewe skryfwerk

LU3 alle AS’e

Die leerders verbeel hulle dat hulle in die koerant gelees het van ’n spesiale aanbod waar verblyf in die torings teen ’n spesiale prys aangebied word wat te goed is om waar te wees. Hulle besluit om ’n woonstel te huur, maar hul vriend(in) sê hulle is gek. Hulle skryf dan óf ’n dialoog tussen hulle en die vriend(in) óf stuur ’n e-pos om die persoon te probeer oortuig dat hulle nie mal is om in die torings te wil gaan bly nie.

“Ruby raak vry” deur Bridget Pitt

Aktiwiteit 1: Voorgestelde prosedure

Geniet die storie saam met die leerders en bespreek dit dan.

Aktiwiteit 2: Vrae om begrip te toets

LU1 ASa, b; LU2 ASa, e, f

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Ruby se lag *klink hol* (bl. 150), en sy *besef dat dit glad nie vir haar snaaks is nie.* Wat was nie vir haar snaaks nie, en hoekom?
2. Hoekom het Ruby die vlieër laat val (bl. 152)?

Antwoorde

1. Die verwysing na kinderbevoelers en dat sy dit sou aanmoedig, was nie vir haar snaaks nie. Sonder om dit te weet, het hy haar herinner aan ’n baie onaangename ervaring in haar kinderdae, waarby mnr. Mortimer betrokke was.
2. Die vlieër wat sy vasgehou het, het haar skielik baie skerp herinner aan toe sy as kind dieselfde ding gedoen het, met mnr. Mortimer wat direk agter haar gestaan het, sy skoene weerskante van hare geplant.

Aktiwiteit 3: Vrae wat langer antwoorde vereis

LU1 ASf–j, l–v; LU2 ASi, l, m, n, p, q, s, u

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Hoekom is Ruby so gelukkig wanneer sy die vlieër laat val?
2. Hoekom geniet Philip dit om ’n vlieër te laat vlieg? Wat sê dit vir ons omtrent Ruby se verhouding met hom?

Antwoorde

1. Die vlieër het die aaklige herinnering uit haar kinderdae teruggebring, en deur die vlieër te laat val, raak sy bevry van die herinnering wat sy so lank nie die hoof kon bied nie. Daar word nie presies vir ons gesê wat gebeur het nie, maar dit was beslis van ’n

seksuele aard. Sy verstaan waarskynlik nou beter wat gebeur het. Sy gooi op, en laat los die vlieër. Deur werklik weer die herinnering te ervaar, het sy dit laat gaan.

2. Philip hou daarvan om die vlieër te laat vlieg, want hy hou van die gevoel van beheer. Ook wat Ruby betref, hou Philip van die gevoel van beheer. Hy geniet die mag wanneer hy haar in die bed sien, sy dink dat sy *iets van hom steel* terwyl dit andersom was (bl. 149). Hy verkry beheer oor haar deur haar te spot oor die ervaringe in haar kinderdae. Hy verneder selfs haar ouers, en spot met haar stewels. Wanneer sy egter die vlieër vrylaat, laat sy iets vry wat hy besit het en iets wat hy gedink het hy beheer oor het. As gevolg daarvan is hy vir haar lagwekkend, lyk hy *absurd* (bl. 152), beheer hy haar nie langer nie. Selfs nadat hy haar geklap het, voel sy *iets soos vrede in haar.* Sy besluit om haar hare rooi te laat kleur – opvallend, helder, onafhanklik, haar eie kleur – en so haar persoonlikheid en onafhanklikheid opnuut te bevestig. Sy sien nou die lewe, en haarself, in die regte perspektief: sy hoef nie toe te laat dat aaklige herinneringe haar verder jaag nie; sy hoef nie slegte behandeling van enigiemand te aanvaar nie.

Aktiwiteit 4: Temas

LU2 ASr, s, u

Die leerders bespreek die volgende temas:

- Vryheid in verhoudings
- Kinderherinneringe
- Die keuse van ’n lewensmaat

Aktiwiteit 5: Kwessies

LU2 ASo, p

Die leerders bespreek die volgende kwessies:

- Hoe bied ons aaklige herinneringe die hoof?
- Waarvoor moet ’n mens op die uitkyk wees wanneer jy ’n lewensmaat kies?

Aktiwiteit 6: Taal

LU2 ASn, s, u; LU4 ASe, f

Die leerders ontleed die metafoor van die vlieër, die voorwerp wat Ruby se aaklige herinneringe verteenwoordig.

Aktiwiteit 7: Algemene vrae

LU2 ASo

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Ruby word oorheers deur ’n herinnering uit haar kinderdae, maar kies Philip, wat haar ook gaan domineer. Weet julle van ander voorbeelde van mense wat altyd die verkeerde soort maat of werk of vriend kies?
2. Om aaklige herinneringe die hoof te bied, hulle te deurdink, hulle weer te beleef, is maniere om dit te hanteer. Ken julle nog maniere?

Aktiwiteit 8: Kreatiewe skryfwerk

LU3 alle AS'e

Die leerders verbeel hulle dat hulle Ruby is, of hulself. Hulle skryf 'n dagboekinskrywing oor iets wat hulle laat "gaan" het (laat vaar het, afgelê het) en wat hulle gehelp het om hulle 'n gelukkiger mens te maak.

"OM HUIS TOE TE GAAN" DEUR DIANA FERRUS

Aktiwiteit 1: Voorgestelde prosedure

Wys die leerders daarop dat, hoewel die titel van die storie "Om huis toe te gaan" is, die verteller op die laaste bladsy van die storie sê: *Ek het werklikwaar huis toe gekom*. Vra die leerders om dit te verduidelik.

Aktiwiteit 2: Vrae om begrip te toets

LU1 ASa, b; LU2 ASa, e, f

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Die skrywer noem agt keer dat daar iets is waaroor sy met haar ma moet praat. Soek hierdie verwysings.
2. Wat is dit waaroor sy met haar moet praat?
3. Hoekom sê die verteller aan die einde sy *het werklikwaar huis toe gekom*?

Antwoorde

1. Agt keer:
   a. *Hoe vertel ek haar? Ek kry koud as ek dink aan 'n moontlike reaksie*.
   b. *Sy voel dit. Sy wéét ek het nie net kom kuier nie.* (bl. 154)

c. *Sodra sy vermoed of verwag dat daar gepraat moet word oor 'n moeilike ding, trek sy haar aanvalsbaadjie aan.*
d. *My broer het gevra dat ons haar moet los . . . [maar] vandag is my kans.*
e. *Ek kon net nie die kans laat verbygaan nie: "Wat sê die dokter van Mammie se longe?"*
f. *Ek wonder of antie Pinkie weet ek weet.* (bl. 155)
g. *Hierdie naweek, weet ek, sal ek dit moet oorkry, ongeag die gevolge. Tyd raak min.*
h. *"Mammie . . . ek wéét."* (bl. 156)

2. Sy moet praat oor haar siekte en die feit dat sy nie daartoe in staat is om vir haarself te sorg nie.
3. Die verteller besef dat sy na haar ma wil en moet omsien. Sy is waar sy wil wees, by haar huis.

Aktiwiteit 3: Vrae wat langer antwoorde vereis

LU1 ASf–j, l–v; LU2 ASi, l, m, n, p, q, s, u

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Op bladsy 156 sê die verteller haar ma *bly steeds voor haar uitstaar. Die halwe koppie sop staan koud op die vuil tapyt.* Waarop dui dit?
2. Hoekom kom die besluit wat die verteller oor Brian moet maak *maklik?*

Antwoorde

1. Die ma het die stryd om voor te gee dat sy op haar eie kan regkom, gewonne gegee; sy wou nie argumenteer nie.
2. Haar ma se gesondheid het die dogter die hele tyd bekommer, sy het haar reggehou om haar ma te gaan versorg. Of, dit kan wees dat haar gevoelens vir haar ma haar gevoelens vir Brian in perspektief geplaas het, en sy besef dat haar ma se versorging vir haar meer sal beteken en belangriker is.

Aktiwiteit 4: Temas

LU2 ASr, s, u

Die leerders bespreek die volgende temas:

- Om oud te word
- Kinders se plig teenoor hulle ouers

Aktiwiteit 5: Algemene vrae

LU2 ASo

Die leerders beantwoord die volgende vraag: Dink julle kinders is verplig om na hulle ouers om te sien wanneer hulle self volwasse is, of moet ouers hulself versorg?

Aktiwiteit 6: Kreatiewe skryfwerk

LU3 alle AS'e

Die leerders verbeel hulle hulle is die verteller. Hulle is te senuagtig om vir Brian te bel, daarom skryf hulle vir hom 'n brief om te verduidelik waarom hulle nie gaan terugkom nie.

Enkele algemene vrae

U kan die leerders vra om die volgende vrae in pare of klein groepies te bespreek en verslag te doen aan die klas. Hulle kan die vrae ook skriftelik beantwoord (LU1 ASa, f, h, i, l, o; LU2 ASa, b, g, l; LU4 ASc(x), e, f). Laat 'n paar dae toe vir die skryfaktiwiteit, aangesien die vrae tyd en inspanning sal verg (LU3).

VRAE OOR DIE BOEK

Die leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Bespreek die volgende temas en verwante vrae:
    a. **Ouers en ouerskap:** Storie 2, 8, 12, 13, 25 en 29: Vergelyk die ouers in hierdie stories. Het hulle ’n positiewe of negatiewe uitwerking op die kind? Het die kind ’n positiewe/liefdevolle of negatiewe/wrewelrige gesindheid teenoor die ouer? Verander die gesindheid? Hoe hanteer die kind die ouer? Van watter storie het jy die meeste gehou, en hoekom?
    b. **Misdaad, geweld en trauma:** Storie 2, 4, 6, 9, 11, 16, 18, 22, 23, 26 en 27: Vergelyk vyf van hierdie stories. Wie pleeg ’n misdaad, en teenoor wie? Wat is die gevolge van die misdaad? Hoe verwerk die slagoffer die misdaad of die herinneringe daaraan?
    c. **Seksuele ervaring:** Storie 1, 10, 22, 26 en 30: Vergelyk die stories. Wie is betrokke? Hoe word seks gebruik? Hoe het die slagoffers hul ervaring verwerk?
    d. **Die samelewing se houdings:** Storie 3, 6, 9, 10, 11, 17, 21, 24, 25 en 28: Kies vier van die stories. Wie het sekere houdings teenoor wat, en hoekom? Is die houdings positief of negatief, opbouend of afbrekend? Hoe hanteer mense die gesindhede van die samelewing?
    e. **Fantasie:** Storie 7, 14, 20 en 28: Watter doel dien fantasie in hierdie stories? Is dit altyd nuttig?
    f. **Volwassewording:** Storie 2, 14, 19 en 20: Volwassewording is die ervaring waardeur volwassenheid op die een of ander manier bereik word. Vergelyk die verskillende soorte volwassewording. Is dit altyd van kind na volwassene? Op watter manier word mense deur volwassewording verbeter?
    g. **Vryheid en bevryding:** Storie 2, 6, 13, 23 en 30: Vergelyk hierdie stories. Waarvan word die karakters vry of bevry? Hoe bereik hulle dit?

2. Kies twee van die karakters uit enige van die stories: een van wie julle hou en een van wie julle nie hou nie. Sê hoekom julle van die karakter hou of nie. (Die leerders moet sê wat in die teks daarop dui dat die karakter(s) innemend of onaangenaam is, eerder as wat hul eie gevoelens teenoor die karakters is.)
   Assessering: Die leerders se antwoorde behoort hul kennis van die teks en begrip van die karakters te toon, asook hul vermoë om ’n duidelike, persoonlike respons te gee.
3. Die leerders skryf ’n resensie van die boek. U kan self besluit vir wie die resensie bedoel is – kinders, tieners of volwassenes. Dit sal bepaal hoe formeel die register en hoe ingewikkeld die woordeskat moet wees.
   Assessering: Verduidelik die onderstaande kriteria aan die leerders en bespreek dit met hulle. Stel ook die kontrolelys wat u gaan gebruik aan hulle beskikbaar. ’n Resensie behoort die volgende in te sluit:
   a. ’n Kort opsomming van die aantal en soort stories en die omvang daarvan, maar sonder om enige eindes te verklap: dit sal die genot van die leser bederf. Noem die soort leser wat hierdie boek sal geniet (kind, tiener, volwassene, manlik of vroulik?).
   b. Die taal moet eenvoudiger wees indien die resensie op tieners of kinders gerig is, en die register kan minder formeel wees. Indien die resensie vir ’n koerant bedoel is, en dus vir lesers in die algemeen, moet die register meer formeel wees.

      In **formele** styl gebruik ons meer saamgestelde en veelvoudige sinne, en begin dikwels met ’n neweskikkende bysin of frase (bv. *Alhoewel hy al die briewe gelees het*, het hy hulle nie werklik verstaan nie. *In plaas van die gebruiklike skooluniform*, het hy ’n vreemde kombinasie van sport- en aandklere gedra.). Ons maak meer dikwels gebruik van die passiewe vorm (bv. Die seun is verras deur wat sy pa by die haarkapper gesê het), geen afkortings nie, en ’n groter woordeskat met

meer selfstandige naamwoorde (bv. inleiding, ondersoek, verleentheid) eerder as werkwoorde en byvoeglike naamwoorde (bv. inlei, ondersoek, in die verleentheid bring).

In **informele** styl gebruik ons eenvoudiger sinne, of sinne wat met die hoofsin begin (bv. Hy het nie al die briewe verstaan nie, alhoewel hy hulle almal gelees het. Hy het nie die gewone skooluniform gedra nie, maar 'n vreemde kombinasie van sport- en aandklere). Ons maak meer dikwels gebruik van die aktiewe vorm (bv. Wat die pa by die haarkapper gesê het, het die seun verras), uitkappings (bv. hy's) en 'n eenvoudiger woordeskat met meer werkwoorde en byvoeglike naamwoorde as selfstandige naamwoorde.

Assessering

Bostaande en onderstaande aktiwiteite kan as mondelinge of skriftelike take aangepak word en baie stof vir die leerders se portefeuljes verskaf.

VRAE OOR KWESSIES IN DIE STORIES

Die leerders kan die volgende vrae as onderwerpe vir 'n formele debat, bespreking of skryfaktiwiteit gebruik. Die skriftelike werk kan die volgende vorm aanneem:

- 'n verslag oor die bespreking of debat
- 'n formele beredenerende opstel, soos "Misdaad en wraak" of "Die regte van kinders" – die leerders lug hul mening oor die onderwerp, gestaaf deur bewyse en voorbeelde
- 'n minder formele verhalende opstel, byvoorbeeld "Die storie van 'n gelukkige kat" (met idees uit "Hond-ster") of "Bennie se besoek aan die plaas" (met idees uit "Klein barbare").

Leerders beantwoord die volgende vrae:

1. Mense wat wraak neem ná 'n moord moet presies dieselfde be-

handeling kry as die moordenaar. Stem julle saam? Voer ’n debat: die een kant moet aanvoer dat mense wat wraak neem, *wel* op dieselfde wyse as die moordenaar behandel moet word; die ander kant voer aan dat hulle *nie* op dieselfde wyse behandel moet word nie. Die leerders kan ook ’n opstel skryf waarin hulle hul standpunt stel of mense wat wraak neem dieselfde behandeling moet kry as die moordenaar of nie, en hul standpunt staaf.

2. Dit is nie moontlik om gesond en gelukkig groot te word in die wêreld van vandag nie, omdat ons in so ’n groot mate voeling verloor het met ons tradisionele kultuur. Stem julle saam?
3. Ouers wat hulle kinders mishandel, moet uit die huis verwyder word, en die kinders moet dan kies wie hulle in hul plek sou wou hê. Stem julle saam?

Assessering

Verskaf die volgende kontrolys aan die leerders met die oog op die debat:

In ons debat het ek:	Ja/Nee
’n Goeie inleiding gehad.	
My idees duidelik verwoord.	
Oortuigende argumente aangevoer.	
My stem goed geprojekteer.	
By die vorige spreker se argumente aangesluit.	
Op die vorige spreker se idees gereageer.	

Die kontrolelys vir skriftelike werk behoort al die AS’e van LU3 in te sluit, asook die AS’e van LU4 waarop u meen die leerders behoort te konsentreer. Sorg soos altyd dat die leerders presies weet op grond van watter kriteria hulle geassesseer gaan word.

Woordelys

Hier volg ’n woordelys van die begrippe wat in die inleiding tot hierdie Onderwysersgids gebruik word:

beredenerend: in ’n beredenerende opstel gee ’n mens jou mening en ondersteun dan jou mening met redes, bewyse en voorbeelde
denotasie: die letterlike of primêre betekenis van ’n woord
figuurlik: woorde of sinsnedes op ’n nieletterlike wyse gebruik vir ’n besondere uitwerking (metafore en personifikasie is voorbeelde)
gebare: beweging van die gesig of liggaam wat betekenis oordra
geïmpliseerde/implisiete: iets wat in die teks gesuggereer word, maar nie direk uitgedruk word nie
inhoud: wat in die teks vervat word; die feite, gebeure in die teks
koherensie: onderliggende logiese verhouding sodat teks of spraak sin maak
kohesie: skakeling van sinne met logiese verbindings, soos voegwoorde en voornaamwoorde
konflik: stryd tussen karakters, tussen karakters en hulle lot of omstandighede, of tussen botsende begeertes
konnotasie: betekenis van ’n woord wat insluit verbandhoudende gedagtes benewens die primêre of oppervlakkige betekenis
konvensies: aanvaarde gebruike of reëls in ’n taal, soos grammatikareëls en strukture, opskrifte en voetnote, indekse
kopkaarte: grafiese weergawes van temas of onderwerpe
manipulerende taal: taal wat daarop gerig is om ’n onregverdige voordeel te verkry of om ander te beïnvloed
milieu: opset of omgewing
modale werkwoorde: woorde soos *kan, sal, moet, mag*
moniteer: om iemand of iets gereeld na te gaan of te kontroleer
motiveer: om iemand sover te kry of te inspireer om iets te doen, of om ’n goeie rede vir jou mening te gee

paradoks: ’n stelling wat lyk asof dit sigself weerspreek of een wat skynbaar in botsing is met logika – onder die oppervlakkige teenstrydigheid is daar dikwels logika

partydigheid: ’n houding van veroordeling of onverdraagsaamheid teenoor ’n persoon, ’n groep of ’n gedagte sonder om die regte kennis daarvan of enige ervaring daarvan te hê

register: die gebruik van verskillende woorde, grammatikale struktture en style vir verskillende kontekste (bv. ’n formele register vir ’n amptelike dokument of akademiese opstel)

retoriese middele: middele soos pouses en herhaling wat gebruik word om te oorreed of te oortuig

rubriek: ’n kombinasie van beskrywende woorde en graderings wat gebruik word vir assessering

soeklees: om jou blik vinnig oor ’n teks te laat gaan om spesifieke inligting te soek

stereotipe: ’n gevestigde en dikwels bevooroordeelde verwagting van iemand se geaardheid en hoe daar van hom/haar verwag word om op te tree

vaktaal: spesiale terme of uitdrukkings wat in ’n professie of deur enige spesifieke groep gebruik word (bv. rekenaartaal: CPU, RAM, en so meer)

verhalend: ’n verhalende opstel vertel ’n storie of sit ’n reeks gebeure uiteen

versterk: om die kennis sterker te maak, vas te lê in die gedagtes

vloeidiagram: diagram wat ’n proses of prosedure aandui (bv. voorbereiding van ’n aanbieding)

vluglees: om ’n teks vinnig te lees om die hoofpunte of gedagtes te vind

vooroordeel: begunstiging van een ding, gedagte, gesindheid of persoon bo ’n ander